
# Antwoord Op:

## 42 Vrae Aan

## *Sewendedag Adventiste Aangaande die Sabbat*

**Deur: Ds. Ernie Rex**



# A N T W O O R D  O P:

# 42 VRAE AAN

# *Sewendedag Adventiste*

# AANGAANDE DIE SABBAT

## SAAMGESTEL DEUR: DS. ERNIE REX,

## (MET ERKENNING AAN: WYLE DR. J.J.B. COMBRINCK)

### Algemene Opmerking

Die vrae wat hiermee beantwoord word het onlangs opnuut weer in my hand gekom en het ek besluit dat dit miskien nou tyd geword het dat 'n mens dit volledig beantwoord, veral in die lig van die feit dat hierdie selfde vrae-dokument reeds 50 jaar gelede in omloop was (*"Vrae vir Sabbatariërs om te beantwoord"* - geskrywe deur 'n mnr. W.J. Coleridge, waarskynlik in Engels want dit meld dat ds. J.P. Le Roux die vertaler is en dat dit gedruk is deur Evangeliese Sendingpers, Posbus 72, Belville).

Destyds is die vrae beantwoord deur 'n baie gerespekteerde en geliefde leraar van die Sewendedag Adventiste kerk naamlik dr. J.J.B. Combrinck. Van my antwoorde sluit by syne aan en word met erkenning daaruit ontleen.

Die anonieme dokument *"Vrae aan Sewendedag Adventiste aangaande die* ***sabbat*** *van Israel"* wat ek ontvang het, het die oorspronklike bietjie gewysig en 'n vraag of wat van die oorspronklike uitgelaat en 'n paar ander bygevoeg.

Baie van die vrae sê vir my daar is mense wat meer wil weet oor wat Sewendedag Adventiste glo. Dit is 'n voorreg om in hierdie dokument ons geloof wat die Bybel as grondslag het, bekend te stel.

Van die vrae oorvleuel mekaar en word dan as sodanig by tye saamgegooi en beantwoord.

## VRAE 1, 13, 14, 16, 29, 30 en 33:

## VRAAG 1:

Sewendedag Adventiste dring daarop aan dat daar twee onderskeibare tipes **wette** in die Ou Testament gegee is, naamlik die **Tien Gebooie ("wet van God"** of **"morele wet")** en die **seremoniële wet ("wet van Moses")**. Dit is 'n poging om die hou van die **sabbat** (wat in die **Tien Gebooie** voorkom) Nuwe Testamenties en dus saligmakend te probeer

maak. Die Bybel sê egter die **hele wet** is in Christus vervul en kan niemand salig maak nie. Kan u asseblief een enkele teks in die Ou of Nuwe Testament gee wat hierdie verskil tussen die **"twee wette"** aandui? **Hoofstuk en teksvers asseblief**.

**<u>VRAAG 13</u>:**

Die **wet** bepaal: *"Maar op die sewende dag moet daar vir julle 'n heiligheid, 'n dag van volkome rus wees tot eer van die Here. Elkeen wat daarop werk verrig, moet doodgemaak word.*" **(Exodus 35:2; 31:14)**. As u beweer dat die eerste deel van hierdie vers op Christene van toepassing is, dan geld dit tog sekerlik ook vir die tweede deel? Hoe straf u mense wat die gebod oortree? Waarom weier u om die doodstraf toe te pas? U antwoord: "Dit is 'n Mosaïese **wet**." Maar ons het tog al duidelik gesien dat daar geen gronde is om die **Tien Gebooie** en die res van die **wet** te skei nie.

**<u>VRAAG 14</u>:**

Hier is die probleem met die **twee-wet** teorie: God gee eers die **Tien Gebooie** aan Sy volk **(Exodus 20:1-17)**, en onmiddellik daarna, vanaf **vers 23** tot by **hoofstuk 31**, volg die res van die **gebooie**. In **Levítikus** word die opdragte voortgesit. Met ander woorde, dit wat in die **Tien Gebooie** beveel is, moet tog op 'n bepaalde wyse uitgevoer word. Hoe? Daardie inligting word in die orige hoofstukke aangedui, byvoorbeeld hoe om die **sabbat** te hou. Die **wet** kan dus nie in twee gedeel word nie. As ons die een deel vandag nog wil toepas, moet ons dit presies doen soos die Here opdrag gegee het. Nie een keer sê die Here dat die eerste deel **Sy wet**, en die res, die **wet van Moses** is nie. Erken u dat u kerk die **wet** in twee verdeel om die indruk te skep dat die **Tien Gebooie** eintlik deel is van die genadeverbond? En dat dit maar net u sterkste argument is om die **sabbat** te hou? Maar die Nuwe Testament leer uitdruklik dat niemand deur die werke van die **wet** gered kan word nie.

**<u>VRAAG 16</u>:**

Waarom verontagsaam u die **wet** wat beveel dat u elke **sabbat** 'n offerande moet offer? Dit is 'n baie belangrike deel van die **sabbatwet (Numeri 28:9-10)**. Waarom kom u dit nie na nie? U sal antwoord: Nee, maar Jesus is ons Offerlam. Waarom neem uit die Christologie die deel wat sê, Hy is ons Offerlam, maar Sy leer oor die **sabbat** word deur u verwerp? Begin u begryp dat die hele **wet** in Hom vervul is?

**<u>VRAAG 29</u>:**

Vraag 29 verwys na **Kolossense 2:14-17**.
Lees asseblief **Kolossense 2:14-17**. Daar sê die apostel dat die **skuldbrief** (die **wet**, **Efésiërs 2:15**) uitgedelg, weggeruim en aan die die kruis vasgenael is. Lees die

gedeelte onbevooroordeeld en sonder allerlei invloede. Maar lees ook verder: juis omdat die **wet** aan die kruis vasgespyker is, moet Christene nie toelaat dat **enige iemand** hulle oordeel met betrekking tot die **sabbat** nie. Waarom ag u hierdie teksverse onbelangrik?

**<u>VRAAG 30</u>:**

In dieselfde hoofstuk, **verse 16 en 17**, word ons daarop gewys dat verskeie opdragte in die **wet**, wat die **sabbat** insluit, ŉ *"skaduwee van die toekomstige dinge"* is. Die **sabbat** het ook sy vervulling gevind in Christus: in Hom het ons die ware rus. Die skaduwee het ŉ werklikheid geword. As u vashou aan ŉ **sabbat**, steek u vas by ŉ skaduwee, ŉ tipe van die werklikheid wat sou kom.

**<u>VRAAG 33</u>:**

Die woord **"sabbat"** kom omtrent 60 keer voor in die Nuwe Testament. In al die gevalle, behalwe een, erken Sewendedag Adventiste dat die weeklikse **sabbat** bedoel word. Die uitsondering is **Kolossense 2:16**. Hier word presies dieselfde woord gebruik, maar u probeer mense oortuig dat iets anders hier bedoel word. Hoekom? Is dit dalk omdat **Kolossense 2:14-17** die hou van die **wet** en die **sabbat** deur Christene totaal die nek inslaan?

**<u>OPMERKING</u>:**

Die dokument hanteer 42 punte en vrae. As ek dit reg lees gaan dit wesentlik oor die vraag of daar ŉ verskil is tussen die **wet van God** of **(morele wet)** en die **wet van Moses** of dan die **(seremoniële wette)**.

Ek sal dus net eers hierdie onduidelikheid aanspreek en dan wel die dele wat nié daarop van toepassing is nie ook aanspreek en beantwoord.

Gewoonlik is ŉ vraag kort maar die antwoord nie noodwendig so kort nie.

Omdat ek vir 60 jaar in my lewe selfs in die bediening as predikant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, presies gevoel en gevra het wat hier gevra en beweer word, hoop ek u gee my die geleentheid om die vraag so volledig moontlik te beantwoord. Dit sal dan hopelik ook ŉ klomp ander vrae binne die 42 vrae vanself beantwoord en as ons by daardie vrae kom sal ek dan bloot hoef terug te verwys na die antwoord op vraag 1.

**<u>ANTWOORD: VRAE 1, 13, 14, 16, 29, 30 en 33</u>:**

Die logiese afleiding wat ŉ mens maak uit ŉ vraag soos vraag 1, is:

- Daar is net een **wet.**

- Die Bybel verklaar duidelik dat ŉ **wet** afgeskaf is,
- daarom was die **Tien Gebooie** afgeskaf insluitend dan ook die vierde gebod:
- naamlik die **sabbat** wat deur Sewendedag Adventiste onderhou word.

Hierdie afleiding is gewoon nie Bybels korrek nie, en die opmerking dat Sewendedag Adventiste die verskil tussen die twee wette maak, is ook nie korrek nie.

Dis nié Sewendedag Adventiste wat daarop aandring dat daar twee verskillende **wette** in die Ou Testament gegee is nie - dis die Bybel self wat die duidelike onderskeiding maak tussen die **wet van God** of die **(morele wet)** en die **seremoniële wet** die **(wet van Moses)**.

Daar word gevra na ŉ teks wat die verskil aandui.

Dis ŉ vreemde vraag want die Bybel is eintlik baie duidelik in die verband.

1. <u>**DIE TIEN GEBOOIE – DIE SEDEWET OF MORELE WET**</u>

**Deuteronómium 10:1:** *"In dié tyd het die HERE vir my gesê: Kap vir jou twee kliptafels soos die eerstes en klim op die berg na My toe; maak vir jou ook ŉ ark van hout."*

**Deuteronómium 10:2:** *"En Ek sal op die tafels skrywe die woorde wat op die eerste tafels was, wat jy verbrysel het; en <u>**jy moet dit in die ark sit**</u>."*

Met ander woorde die **wet van God** die **(Tien Gebooie)** geskryf met die vinger van God op twee kliptafels, moes Moses **binne-in die verbondsark** gaan sit, in die Allerheiligste deel van die Heiligdom.




Dit is baie duidelik dat die **Tien Gebooie** geskrywe op klip met die vinger van God ŉ baie prominente plek in die Heiligdom of tent van aanbidding ingeneem het – binne in die verbondsark reg onder die versoendeksel wat deur gerubs met vlerke beskerm word.

**DIE SEREMONIëLE WETTE (Instellings en Verordeninge)**

In **vers 24** word daar gepraat van ʼn ander wet:

**Deuteronómium 31:24-27:** *"En toe Moses die woorde van hierdie **wet** klaar in ʼn **boek** geskryf het tot die einde toe, het Moses aan die Leviete wat die verbondsark gedra het, bevel gegee en gesê: Neem hierdie **wetboek** en **sit dit neer aan die <u>kant</u> van die verbondsark** van die HERE julle God, dat dit daar as getuie teen jou kan wees."*



Dis baie duidelik dat hier gepraat word van ʼn ánder **wet** as die **Tien Gebooie**.

**God** skryf met Sy **vinger op <u>klip</u>** en **Moses** skryf met ʼn **pen in ʼn <u>boek</u>** tot die einde toe – met ander woorde, meer as een **wet** binne in ʼn boek (wat ons die **seremoniële wette** kan noem – die Bybel praat van **insettinge** en **verordeninge** – nié van **gebooie** nie) en dis duidelik die Leviete moes dit **buitekant aan die <u>kant</u> van die ark gaan neersit** waar dit dan as getuie teen die volk sou dien: (Met ander woorde, dit sou hulle aankla soos ʼn **skuldbrief**).

Tot wanneer? Duidelik tot die dag dat daardie **skuldbrief** betaal gaan wees - met ander woorde, tot op die **Messias** en tot by die **kruis**.

**<u>DIE TIEN GEBOOIE – ʼN VERBOND</u>**

**Deuteronómium 4:13:** "*Toe het Hy aan julle sy verbond verkondig wat Hy julle beveel het om te doen, die **tien woorde**, en dit op twee kliptafels geskrywe."*

1. God het die **Tien Gebooie** met sy eie mond in die teenwoordigheid van die hele Israel gespreek.

2. God het die **Tien Gebooie** met Sy eie vinger geskryf – die enigste **wet** wat Hy ooit vir die mens uitgeskryf het.

3. God het die **wet** op kliptafels geskryf wat Hy self voorberei het.

4. God het Moses van die berg afgestuur voor die aangesig van Israel met slegs die **Tien Gebooie** op twee kliptafels.

5. God het **Self** die **wet** weer oor geskrywe nadat Moses die eeste twee kliptafels in sy woede stukkend gegooi het.

6. God het Moses opdrag gegee om self die twee kliptafels met die **Tien Gebooie** op, **binne in** die verbondsark te gaan plaas – die enigste **wet** wat daardie ereplek gekry het.

7. God het verklaar dat die **Tien Gebooie wet** Sy verbond was - die enigste **wet** wat so beskryf word.

## DIE SEREMONIëLE WETTE – DIE WET VAN MOSES

Behalwe die **Tien Gebooie** is daar ook ′n kode van ander **wette** deur God aan Israel gegee: **Insettinge** en **verordeninge** vir die beoefening van hulle godsdiens wat hulle moes volg byvoorbeeld oor offerandes, jaarlikse feesdae, die pligte van die priesters – die boek van **Levítikus** is vol daarvan. Daar was ook **siviele wette** om die Jode as nasie te regeer, byvoorbeeld **wette** oor die huwelik, egskeiding, slawe, ens., ens. Die woord **"insettinge"** kom 148 keer in die Ou Afrikaanse vertaling voor en die woord **"verordeninge"** 105 keer.

Maar God het nie soos met die **wet** van die **Tien Gebooie** hierdie **wette** direk aan Israel gegee nie - die Bybel is duidelik hoe dit plaasgevind het:

a) Nadat Moses verklaar het dat die Here die **Tien Gebooie** op twee kliptafels geskryf het, voeg hy onmiddellik by:

   **Deuteronómium 4:13:** *"Toe het Hy aan julle sy verbond verkondig wat Hy julle beveel het om te doen, **die tien woorde**, en dit op twee kliptafels geskrywe."*

   **Deuteronómium 4:14:** *"Ook het die HERE my in dié tyd bevel gegee om julle die **insettinge en verordeninge** te leer, dat julle dit kan doen in die land waarheen julle oortrek om dit in besit te neem."*

   In **2 Konings 21:8** word hierdie selfde orde deurgegee:

   **2 Konings 21:8:** *"En Ek sal die voet van Israel nie meer laat rondswerwe uit die land wat Ek aan hulle vaders gegee het nie, as hulle net sorgvuldig handel volgens alles*

*wat Ek hulle beveel het, en volgens die **hele wet** wat my kneg Moses hulle beveel het."*

Ook Nehemia praat van sekere **wette** wat deur God gespreek is en sekere ander aan Israel gegee is deur Moses:

**Nehemia 9:13:** *"En op die berg Sinai het U neergedaal en met hulle gespreek uit die hemel, en U het aan hulle regte **verordeninge** en betroubare **wette**, goeie **insettinge** en **gebooie** gegee."*

**Nehemia 9:14:** "*En u heilige **sabbat** het U aan hulle bekend gemaak, en **gebooie** en **insettinge** en 'n **wet** deur die diens van u kneg Moses hulle beveel."*

b) **Deuteronómium 31:9:** "*En Moses het hierdie **wet** opgeskrywe en dit gegee aan die priesters, die seuns van Levi, wat die verbondsark van die HERE gedra het, en aan al die oudstes van Israel."*

c) **Deuteronómium 31:24-26:** "*En toe Moses die woorde van hierdie **wet** klaar in 'n boek geskryf het tot die einde toe, het hy aan die Leviete wat die verbondsark gedra het, bevel gegee en gesê: Neem hierdie **wetboek** en **sit dit neer aan die kant van die verbondsark** van die HERE julle God, dat dit daar as getuie teen jou kan wees."*

Omdat die **seremoniële wette** en ook die **siviele statute**, **verordeninge** en **insettinge** deur Moses neergeskryf is, en deur hom aan die mense gegee is, word daar in die algemeen na hulle as die **wet van Moses** verwys.

1. **2 Kronieke 23:18**: *"Verder het Jójada wagte aangestel in die huis van die HERE onder leiding van die Levitiese priesters wat Dawid ingedeel het vir die huis van die HERE om die brandoffers van die HERE te bring, soos geskrywe is in die **wet van Moses**, met blydskap en gesang volgens die instelling van Dawid."*

2. **2 Kronieke 30:16:** *"En hulle het op hul plek gaan staan, ooreenkomstig hulle verordening volgens die **wet van Moses**, die man van God, onderwyl die priesters besig was om die bloed uit te gooi wat hulle uit die hand van die Leviete geneem het … "*

3. **Esra 3:2**: *"En Jésua, die seun van Jósadak, met sy broers, die priesters, en Serubbábel, die seun van Seáltiël, met sy broers, het klaargemaak en die altaar van die God van Israel gebou om daar brandoffers op te offer soos geskrywe staan in die **wet van Moses**, die man van God."*

4. **Daniël 9:13**: *" … soos in die **wet van Moses** geskrywe is – al hierdie onheil het oor ons gekom, en ons het die aangesig van die HERE onse God nie om genade gesmeek, deur ons te bekeer van ons ongeregtighede en ag te gee op u waarheid nie."*

5. **Maleági 4:4**: *"Dink aan die **wet van Moses**, my kneg, wat Ek hom beveel het op Horeb vir die hele Israel – **insettinge en verordeninge**."*

Ook in die Nuwe Testament word daar na die **wet van Moses** verwys**:**

**Johannes 7:23:** *"As 'n mens die besnydenis op die **sabbat** ontvang, sodat die **wet van Moses** nie verbreek mag word nie, is julle kwaad vir My, omdat Ek 'n mens op die **sabbat** heeltemal gesond gemaak het?"*

**Handelinge 15:5:** *"Maar sommige gelowiges uit die party van die Fariseërs het opgestaan en gesê: Dit is noodsaaklik dat hulle besny word en bevel ontvang om die **wet van Moses** te onderhou."*

Die **Tien Gebooie wet** gee géén inligting of opdragte met betrekking tot brandoffers, die Paasfees, die bou van 'n altaar, die besnydenis of die orde van die priesters nie.

Maar die Bybel maak dit telkens duidelik dat daar wel 'n **wet** is wat daardie sake aanspreek. Dit is die **seremoniële wette** in die Bybel beskryf as die **wet van Moses**.

**OPSOMMEND:**

**DIE SEDEWET (MORELE WET) EN DIE SEREMONIëLE WETTE MET MEKAAR VERGELYK:**

| **DIE SEDEWET (Morele Wet)** | **DIE SEREMONIëLE WETTE** |
|---|---|
| Na verwys as die koninklike **wet** van vryheid – **Jakobus 2:8-12**. | Na verwys as die **wet** van gebooie wat uit insettinge bestaan – **Efésiërs 2:15**. |
| **Die Here** het met die volk gespreek - **Deuteronómium 3:12**. | **Moses** het met die volk gespreek – **Levítikus 1:1-3**. |
| Deur God op **kliptafels** geskryf – **Exodus 24:12; 31:18**. | Deur Moses in 'n **boek** geskryf – **2 Kronieke 35:12**. |

| | |
|---|---|
| **Binne-in** die ark geplaas - **Hebreërs 9:4; Exodus 40:20**. | Aan die **kant** van die ark geplaas - **Deuteronómium 31:24-26**. |
| Vasgestel vir **altyd** – **Psalm 111:7-8**. | Aan die **kruis genael** – **Kolossense 2:14-17**. |
| Deur die **wet** is die kennis van sonde – **Romeine 3:20; 7:7.** | Bygevoeg weens die oortredinge – **Galásiërs 3:19**. |
| Sy **gebooie** is nie moeilik nie – **1 Johannes 5:3**. | Met sy **insettinge** ons vyandig – **Kolossense 2:14-17**. |
| Almal word daardeur **geoordeel** – **Jakobus 2:10-12**. | **Oordeel** niemand nie – **Kolossense 2:14-17**. |
| **Geestelik** – **Romeine 7:14**. | **Vleeslik** – **Hebreërs 9:10**. |

**WAT Sê ANDER KERKE? (Nié SEWENDEDAG ADVENTISTE NIE)**

Wat kerkleiers van die **wet** van God sê:

**UIT DIE NEDERDUITSE HERVORMDE KERK:**

Dominees A.J. en J.H. van Wijk skryf in **UIT DIE BEEK**, 1958, bl. 229, die volgende:

*"Blykbaar het die valse leraars geleer dat die **seremoniële wet** van die Jode - die uiterlike vorms of seremonies - ook op Christene bindend was. Ook het hulle allerhande stories (fabels) versin om hulle leer te staaf. Paulus antwoord: Nee, die evangelie het die **seremoniële wet** vervang; maar die **sedewet** - die **Tien Gebooie** - is nog van krag om die kwaad te beteuel.* **(1 Timótheüs 1:8-10)**. *Die onderhouding van die **wet** maak nie salig nie* **(Galásiërs 2:16)**, *maar moet die uitvloeisel van die geloof wees.* **(Jakobus 2:14-26)**."

*"Deur die **wet** van God* verstaan *ons die **Tien Gebooie** of die **sedewet** wat ons help om 'n regte, sedelike lewe voor God te lei. Dit staan teenoor die burgerlike en **seremoniële wette** van Israel wat lankal afgeskaf is ... . Ons het dus die volste reg om te sê dat hierdie **wet**, of **Tien Gebooie**, nog van krag is, en **altyd sal wees**."*
Dr. G.B.A. Gerdener, **HANDBOEK BY DIE KATKISASIE**, 17de oplaag, bl. 145.

**UIT DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK:**

*"Baie ander **wette** wat die kinders van Israel van God ontvang het, is vir ons nie meer nodig nie, soos die **wette** van die offerandes en feeste in die tempel van Jerusalem.*

*Maar die **Tien Gebooie** wat genoem word '**die Wet van ons sedes**', is vir altoos en vir alle mense gegee."* Prof. Johan Murray, '**Die Katkisasieboek**', bl. 5, (die 37ste uitgawe).

**UIT DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK:**

*"Die **seremoniële wet** het voorskrifte bevat vir die erediens onder Israel, byvoorbeeld die offers, spesiale klere vir die priesters, ens. Hierdie **wet** geld nie meer vir ons nie omdat dit 'n Ou Testamentiese **afskaduwing** van, en heenwysing na die verlossingsarbeid van Christus was. Die seremonies en sinnebeelde is deur Christus vervul. ... . In teenstelling met die **seremoniële wet** wat net **tydelik** van karakter was, was die **sedewet** (die **Tien Gebooie**) bestem om vir altyd te bly. Die nalaat van slegs een van die **Tien Gebooie** is genoeg om uiteindelik die bitterste smarte oor die mens te bring."* Ds. P.J. de Bruyn: **GOD SE TIEN BAKENS VIR DIE LEWE VAN DIE MENS**, bl. 3.

*"Die **Tien Gebooie** is 'n gawe van God tot die mens. Hulle is 'n skat ... . Die mensdom kan gelukkig wees alleenlik wanneer hy Gods **wet** oorpeins en dit gehoorsaam."*
**De Katechismus in 52 Predikaties,** bl. 330.

**UIT DIE APOSTOLIESE GELOOFSENDING:**

*"Die tipes en skaduwees **(seremoniële wette)** was sekerlik vervul en het tot 'n einde geloop in Christus, maar die **morele wet** was nie deur Hom beëindig nie. Inderdaad het Christus elkeen van hulle bekragtig en geheilig, en op elke gebod 'n groter mate van verantwoordelikheid geplaas."*

Let Wel:

*"Die tipes en skaduwees is wel vervul en beëindig in Christus, maar die **sedewet** is nooit deur Hom beëindig nie."* **TROOSTER EN BOODSKAPPER VAN HOOP**, (Amptelike Orgaan van die Apostoliese Geloofsending van SA – Johannesburg - November/ Desember uitgawe, 1944, bl. 32, **TUGMEESTER NA CHRISTUS**).

Daarom skrywe Paulus in **1 Korinthiërs 7:19** dat die besnydenis die **(wet van Moses)** niks is, maar dat die onderhouding van die **Tien Gebooie** belangrik is. Met hierdie beskouing stem al die Protestantse kerke saam: die Anglikaanse kerk, die Presbiteriaanse kerk, die Lutherse kerk, die Baptiste, al drie die Hollandse kerke in Suid-Afrika en ook die Apostoliese Geloofsending.

Ek hoop dat hierdie vrae met betrekking tot die **twee wette** nou duidelik en Bybels beantwoord is. As ons dit kan aanvaar, dan val baie van die ander vrae se boom uit omdat dit reeds hier beantwoord is soos byvoorbeeld die volgende vraag:

**VRAAG 2:**

Sal u asseblief die volgende teksverse lees: **Nehemía 8:1-3, 14; hoofstuk 9:3**. Hierin word die een boek wat daar gelees is, beskryf as die **wet van Moses**, die **wet van God**, die boek van die **wet**, die **wet** van die Here hulle God. Dié uitdrukkings word om die beurt gebruik om dieselfde boek te beskrywe. Dit kanselleer mos die **twee-wet** teorie?

**ANTWOORD: VRAAG 2:**

Die vraag is reeds beantwoord in vraag 1: Die **wet van Moses** was natuurlik ook die **wet van God**, want God was die outeur van wat Moses moes neerskryf. Daarom is dit ook nie vreemd dat die Bybelskrywers soms die **wet van Moses** beskryf as die **wet van God** nie.

**VRAAG 3:**

Alle groot leerstellings van die Christelike geloof word breedvoerig in die Nuwe Testament uiteengesit. Hoekom kom hierdie **twee-wet** teorie dan **nooit** daarin ter sprake nie? Kan u asseblief verklaar waarom daar nêrens enige aanduiding van dié **twee-wet** idee (waarop u kerk grootliks steun) in die Nuwe Testament voorkom nie?

**ANTWOORD: VRAAG 3:**

Die vraag is reeds beantwoord in vraag 1, maar ook in die Nuwe Testament word daar na die **wet van Moses** verwys:

1. **Johannes 7:23:** *"As 'n mens die besnydenis op die **sabbat** ontvang, sodat die **wet van Moses** nie verbreek mag word nie, is julle kwaad vir My, omdat Ek 'n mens op die **sabbat** heeltemal gesond gemaak het?"*

2. **Handelinge 15:5:** *"Maar sommige gelowiges uit die party van die Fariseërs het opgestaan en gesê: Dit is noodsaaklik dat hulle besny word en bevel ontvang om die **wet van Moses** te onderhou."*

**VRAAG 4:**

Waarom hou u net een **sabbat** en versuim om die ander na te kom, byvoorbeeld die sewende jaar en die jubeljaar? **(Levítikus 25:1-22)**.

**ANTWOORD: VRAAG 4:**

Dit was deel van die **seremoniële wette**. Hulle word nie in die **Tien Gebooie** gemeld nie.

Daardie jaarfeeste moes slegs in die land van Israel waargeneem word, en was nooit gedurende die omswerwing van Israel in die woestyn gevier nie, maar eers in Kanaän. Hulle maak deel uit van die **"wet van gebooie wat in insettinge bestaan" (Efésiërs 2:15)** wat deur Jesus by die kruis afgeskaf is.

Miskien moet ons ook nou vraag 29 beantwoord om die saak duidelik te maak:

**VRAAG 29**:

Vraag 29 verwys na **Kolossense 2:14-17**.
Lees asseblief **Kolossense 2:14-17**. Daar sê die apostel dat die **skuldbrief** (die **wet**, **Efésiërs 2:15**) uitgedelg, weggeruim en aan die kruis vasgenael is. Lees die gedeelte onbevooroordeeld en sonder allerlei invloede. Maar lees ook verder: juis omdat die **wet** aan die kruis vasgespyker is, moet Christene nie toelaat dat enige iemand hulle oordeel met betrekking tot die **sabbat** nie. Waarom ag u hierdie teksverse onbelangrik?

**ANTWOORD: VRAAG 29:**

Waarna verwys Paulus as hy praat van die **skuldbrief**? En waarna verwys Paulus as hy verwys na die **sabbat**?

Vreemd dat daar gevra word waarom ons hierdie teksverse onbelangrik ag. Inteendeel, die tekste word juis as belangrik geag!!

Die gedeelte is juis die bewys van die onderskeid tussen die **Tien Gebooie** en die **seremoniële wette**. Ek wil u verwys na u eie woorde: Lees onbevooroordeeld en lees verder: Hoekom lees u nie verder nie?

Kom ons lees in **konteks**:

**Kolossense 2:16:** "*Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of **sabbat** nie … .*"

As 'n mens net tot daar lees kan u seker die afleiding maak dat die **sabbat** aan die kruis genael is, maar is dit wat daar staan???

Lees verder:

**Kolossense 2:16-17:** "*Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met*

*betrekking tot 'n fees of nuwemaan of* ***sabbat*** *nie, wat* 'n ***<u>skaduwee</u>*** *is van die toekomstige dinge; maar die liggaam behoort aan Christus."*

Praat Paulus van **sabbatte** wat skaduwees is, of praat hy van **sabbatte** wat nié skaduwees is nie??? Duidelik praat hy van **sabbatte** wat **<u>skaduwees</u>** is! Dan praat hy mos nie van **sabbatte** wat nié skaduwees is nie!!

Watter **sabbatte** is dan die **sabbatte** wat skaduwees is? Hiervoor sal ons na die boek **Levitíkus** moet gaan.

Paulus gee self die antwoord want hy praat van feeste en die nuwe maan en die **sabbatte**. Waarna verwys dit? Na die <u>jaarlikse</u> **sabbatte** wat in die **seremoniële wette** opgeneem is.

<u>Die Bybel verwys verseker na **2 (twee) sabbatte**</u>:

1. Die weeklikse **sabbat** wat die sewende dag is en wat binne in die **Tien Gebooie** met God se vinger op klip geskryf is. Dit kan nooit verander nie. Dis God se **10** (**Tien**) **Gebooie** – nie 9 nie maar 10. God verander nie.

2. Die <u>jaarlikse</u> **sabbatte** wat tydens die <u>jaarlikse</u> feeste gehou is en gehou moes word en as **skaduwees** gedien het, het met ander woorde vooruitgewys na die Lam wat 'in die toekoms sou kom'.

<u>Laat die Bybel dit duidelik maak soos wat u vra</u>:

**Levítikus 23:3:** *"Ses dae lank kan werk gedoen word, maar op die sewende dag is dit 'n dag van volkome rus, 'n heilige vierdag; géén werk mag julle doen nie - dit is 'n* ***sabbat*** *van die HERE in al julle woonplekke."*

Die **sabbat** van die Here is die sewende dag van die week.
Die <u>weeklikse</u> **sabbat** - **binne in** die ark op **klip** geskrywe met die vinger van God.

**Levítikus 23:26, 27 en 32:** *"Maar op die tiende van hierdie sewende maand is dit die versoendag. 'n Heilige vierdag moet dit vir julle wees; ... . 'n Dag van volkome rus moet dit vir julle wees, en julle moet jul verootmoedig. Op die negende van die maand in die aand, van aand tot aand, moet julle jul* ***sabbat*** *hou."*

Die tiende van die sewende maand: Hoe dikwels is dit? Een maal per **jaar**?
Daar was 'n hele paar sulke <u>jaarlikse</u> **sabbatte**.

**Vers 27:** *"Maar op die tiende van hierdie sewende maand is dit die versoendag. 'n Heilige vierdag moet dit vir julle wees; dan moet julle jul verootmoedig en aan die HERE 'n vuuroffer bring."*

**Levítikus 23:5:** *"In die eerste maand op die veertiende van die maand is die pasga van die Here."*

**Levítikus 23:6:** *" ... en op die vyftiende van hierdie maand is die fees van die ongesuurde brode van die Here ... ."*

<u>**Vers 37** gee vir ons die antwoord</u>:

*"Dit is die feestye van die Here wat julle moet uitroep as heilige vierdae om aan die Here 'n vuuroffer te bring, 'n brandoffer en spysoffer, 'n slagoffer en drankoffers soos vir elke dag voorgeskrywe; behalwe die **sabbatte** van die Here."*

Op al hierdie feeste moes offers gebring word wat altyd vooruitgewys het na dié offer wat sou kom: brandoffers, spysoffers, slagoffers, drankoffers: **behalwe vir die sabbatte van die Here**.

Watter **sabbatte** is die **sabbatte** van die Here?? Dis reeds beantwoord in **vers 3**: **die weeklikse sabbat**.

Kom ons lees dit nou weer in **Kolossense 2**:

Paulus sê: <u>**Kolossense 2:14**</u>**:** *" … <u>en die **skuldbrief** teen ons</u>, wat met sy **insettinge** ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit **aan die kruis vas te nael**, … ."*

Watter **wet** is dus aan die **kruis genael**?

<u>Die **skuldbrief** met sy **insettinge** en **verordeninge**</u>!!
Duidelik: die **seremoniële wette**!!!
Nié die **morele wet** nie - nié die **Tien Gebooie** nie!!
Luister na die kommentaar van 'n nie-Sewendedag Adventis ds. J.C. Botha van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, of Nederduitse Hervormde Kerk in 'n artikel in die tydskrif "**Inspan**" April, 1942:

*"Diegene wat teëwerp dat tekste soos* **Kolossense 2:16-17***;* **Galásiërs 4:10-11** *en* **Romeine 14:5** *wys op die afskaffing van die **sabbat**, verstaan hierdie tekste en die verband waarin hulle voorkom verkeerd. Want hulle sien nie op die afskaffing van die **sabbat** nie … . In* **Romeine 14:5** *sien die woorde net op die onderhouding van die*

*Joodse feesdae soos paasfees, pinkster en nie op die **sabbat** nie … . Nee, die **sabbat** is nie afgeskaf volgens hierdie tekste, soos so baie sektes in ons dae wil leer nie; inteendeel, verwag die Heer van ons die onderhouding van hierdie vername gebod."* Ds. J.C. Botha, in tydskrif "**Inspan".**

Voordat ons van die onderwerp afstap:

Die opmerking word in vraag 1 gemaak dat die **hele wet** in Christus vervul is en dat die **wet** niemand kan salig maak nie.

Hiermee kan niemand verskil nie. Ek stem volkome saam!! Die **wet** kan niemand salig maak nie. **Christus** moes dit in ons plek kom **hou** het en **Hy het!**

Christus het die **wet** in ons plek kom **vervul**.

- Die **wet** kan my nie red nie.
- Die **sabbat** kan my nie red nie.
- Christus het dit in my plek kom hou omdat ek dit self nie kan doen nie.
- Maar skaf dit nou die **wet** af? Skaf dit die **sabbat** af? Paulus antwoord self:

**Romeine 3:2:** *"Ons neem dus aan dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder die werke van die **wet**."*

**Romeine 3:31:** *"Maak ons dan die **wet** tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die **wet**."*

Vir Paulus was dit dus duidelik dat ons net deur genade deur die geloof geregverdig word en nié deur die **wet** nie maar vra dan self: Maak dit die **wet** tot niet? En duidelik antwoord hy: **nee** – inteendeel, dit bevestig die **wet**!!

Jesus het by die skepping die sewende dag rusdag ingestel.

Hy het in Sy lewe op aarde dit <u>**self gehou**</u>.

Nêrens het Hy die **sabbat** verander nie: Inteendeel, wanneer Hy praat van die verwoesting van Jerusalem in 70 n.C. (met ander woorde 40 jaar ná Sy Hemelvaart) sê Hy vir sy dissipels:

**Matthéüs 24:20:** *"En bid dat julle vlug nie in die **winter** of op die **sabbat** mag plaasvind nie."*

Met ander woorde, wat sê Hy?

Hy sê, luister mooi: Oor 40 jaar hiervandaan, nadat Ek reeds opgevaar het na die hemel toe, sal die **sabbat** nog daar wees!!!

Die apostels en die vroeë kerk het die **sabbat** gehou in teenstelling met wat in die vraelys beweer word.

Gaan lees die boek **Handelinge** en u sal agterkom dat daar na **84** geleenthede verwys word waar die vroeë kerk die **sabbat** gehou het.

Jesus het tereg gesê dat Hy Here is ook van die **sabbat**.

Dit is **Sý sabbat**: nie ŉ kerk s ŉ nie. Die Sewendedag Adventiste het nie die **sabbat** uitgedink nie – dis Jesus se **sabbat**, en as Hy dit gehou het en nooit gevra het dat dit verander moet word nie, volg Sewendedag Adventiste gewoon Jesus se voorbeeld.

Sy bloed alleen gaan my **red**, maar Sy voorbeeld gaan my **lei**.

**Lukas 4:16:** *"Toe kom Hy in Násaret waar Hy opgevoed was; en soos Hy gewoond was, gaan Hy op die **sabbatdag** in die sinagoge en staan op om te lees."*

## VRAAG 5:

Waarom hang soveel van u godsdiens van die sewende dag af, terwyl die Here Jesus duidelik leer dat die hele **wet** en profete aan die liefde hang, en nie aan die hou van die **sabbat** nie? (Volgens **Matthéüs 22:34-40** en **Romeine 13:8-10**.)

## ANTWOORD: VRAAG 5:

Die liefde – wat beteken dit? Wat is die Bybel se definisie van liefde? Hier is die Bybelse definisie:

**2 Johannes 1:6:** *"En dit is die **liefde**, dat ons wandel volgens Sy **gebooie**."*

Met ander woorde, die Bybel sê: die **wet** is **liefde**.

Maar nou sê die Bybel ook in **1 Johannes 4:8:** *" … want God is **liefde**."*

MET ANDER WOORDE, AS GOD LIEFDE IS EN DIE **WET** IS LIEFDE, DAN IS HULLE MOS GELYK AAN MEKAAR EN DIE **GEBOOIE** BESKRYF DIE LIEFDE EN DIE KARAKTER VAN GOD.

JY KAN NIé DIE **WET** OF DIE **10 (TIEN) GEBOOIE** MET LIEFDE VERVANG NIE.

ŉ Mens kan dan dieselfde vraag vra:

Waarom hou jy 9 van die 10 **gebooie** maar die 4de een nie?

Met ander woorde, dit wil beteken dat die **Tien Gebooie** aan die kruis genael is maar ná die kruisiging het net 9 van hulle teruggekom.

Niemand baklei oor daardie 9 nie! Maar die oomblik wat jy by die 4de gebod kom, dan moet jy hoor dis aan die kruis genael.

Dit blyk dat net die 4de gebod nie teruggekom het ná die kruis nie??!!

**Dit maak nie sin nie**!

**<u>WAT Sê JESUS</u>**?

**Matthéüs 5:17:** *"Moenie dink dat Ek gekom het om die **wet** of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul."*

**Matthéüs 5:18:** *"Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die **wet** ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie."*

**Matthéüs 5:19:** *"Elkeen dus wat een van die minste van hierdie **gebooie** breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele."*

Lukas se weergawe maak dit nog duideliker:

**Lukas 16:17:** *"Maar dit is makliker dat die hemel en aarde verbygaan as dat een titel van die **wet** sou val."*

Luister na die volgende:

**1 Johannes 2:4:** *"Hy wat sê: Ek ken Hom, en sy **gebooie** nie bewaar nie, is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie."*

**1 Johannes 5:2:** *"Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy **gebooie** bewaar."*

**1 Johannes 5:3:** *"Want dit is die liefde tot God, dat ons sy **gebooie** bewaar; en sy **gebooie** is nie swaar nie."*

**<u>VRAAG 6</u>:**

Waarom maak julle op die **sabbat** vuur, terwyl die **wet** dit verbied? **(Exodus 35:3)** Daardeur oortree u mos 'n **sabbatswet**.

**ANTWOORD: VRAAG 6:**

Dit is tog duidelik dat dit deel van die **seremoniële wette** was. Dit staan nêrens in die **Tien Gebooie** nie!

In die woestyn van Sinai was die klimaat betreklik warm; daarbenewens was die vuurkolom snags 'n beskutting vir Israel. Derhalwe het die Here die onnodige vuurmakery daar belet. Hierdie bepalings was egter nié van toepassing op die Israeliete in die koue van Kanaän nie, omdat die viering van die pasga dan in botsing sou gekom het indien so 'n verbod van toepassing was. Daar was sekere bepalings wat op Israel van toepassing was, terwyl hulle in die woestyn was soos met die bou van die tabernakel; die laer opslaan, ens. Daardie dinge is beskrywe saam met die verbygaande **seremoniële wette**.

**Daniël 9:25-27** stel dit duidelik dat met die koms van die Messias sal Hy *"slagoffer en spysoffer laat **ophou**"* maar God se **Tien Gebooie**, die **sabbatsgebod** inkluis, sal onveranderd voortbestaan selfs op die **nuwe aarde**. **(Openbaring 22:14-15** en **Jesaja 66:22-23)**.

**VRAAG 7:**

Dui asseblief vir ons aan wanneer of waar Jesus of enige Bybelskrywer aan bekeerde heidene opdrag gegee het om die Joodse **sabbat** te onderhou? Ons wil nie twis nie; ons vra net die bewysplek. Ons wil dit graag self lees.

**VRAAG 8:**

Gee asseblief vir ons enige skriftuurplaas wat sê dat nie-Joodse Christene ooit die **sabbat** gehou het volgens die **wet**? Hoofstuk en teksvers is voldoende.

**VRAAG 12:**

Neem u kennis van die feit dat die **sabbatgebod** spesifiek aan Israel gegee is as 'n ewige teken tussen God en Sy verbondsvolk? **(Nehemia 9:14** en **Exodus 31:16-17** en **Esegiël 20:10-12).** Hoe kan dit dan afgedwing word op mense wat niks met daardie omstandighede te make het nie? En wanneer Christus en die apostels later 'n nuwe verbond aan die heidene bekendmaak, waarom word die **sabbat** met opset uitgelaat?

**VRAAG 23:**

Waarom het die apostel Paulus, onder leiding van die Heilige Gees, die **sabbatgebod** uit al sy briewe weggelaat as die **sabbat** so belangrik was? Hier was tog 'n kerk in wording.

**<u>ANTWOORD: VRAE 7, 8, 12 en 23</u>:**

Hier wil ons graag 'n wedervraag vra: As Christene die Sondag moes vier, hoe verklaar ons dan die feit dat daar geen enkele opdrag en bevel van die Here of van die apostels ooit gekom het om so 'n radikale verandering in die Nuwe-Testamentiese godsdiens aan te bring nie? Die Jode sou die apostels en ander Christene gou daarvan beskuldig het. 99% Van al die prediking van die apostel Paulus wat te boek gestel is, het op die **sabbat** plaasgevind.

Die gemeentes wat Paulus gestig het is die vrug van sy prediking vir Jode, Grieke en heidene gewoonlik op God se **sabbat**. Die gemeente van Korinthe byvoorbeeld het tot stand gekom ten gevolge van Paulus se prediking elke **sabbat**, en hy het daar 'n jaar en ses maande vertoef. **(Handelinge 18:1, 4, 11)**; so ook met die gemeentes van Galasië, **(Handelinge 13:42-44)**, van Filippi **(Handelinge 16:12-13)** en van Thessaloníka **(Handelinge 17:1-2)**. Hierdie gemeentes, sê Paulus, "*het navolgers geword van die gemeentes van God wat in Christus Jesus is in Judéa.*" **(1 Thessalonicense 2:14)**. En in Judéa was daar geen twyfel dat die **sabbat** nog van krag was nie, want die Jode was baie gesteld op die **sabbat** en sou die Christengemeentes van enige verandering baie gou beskuldig het. So 'n beskuldiging het nooit gekom nie, trouens, die Christene in Judéa was **sabbathouers**. Ná die kruisiging het hulle die **sabbat** nog gehou **"*volgens die gebod*" (Lukas 23:54-56)**. Daartoe het hulle ook nog die vermaning van Jesus om die **sabbat** tot met die verwoesting van Jerusalem te gedenk, **(Matthéús 24:20)**. Met ander woorde, tot die jaar 70 n.C. was daar geen sprake van 'n verandering van God se **sabbat** vir Sy volk nie.

Dit was dus nie nodig om 'n opdrag te gee nie. Hulle het die s**abbat** gehou.

**Handelinge 13:14:** *" … en hulle het op die **<u>sabbatdag</u>** in die sinagoge gegaan en gaan sit."*

**Handelinge 13:42:** "*En toe die Jode uit die sinagoge gaan, het die heidene versoek dat daardie woorde op die volgende **sabbat** tot hulle gespreek sou word.*"

**<u>VRAAG 9</u>:**

U beweer die **sabbat** is gehou voordat die **wet** aan Moses gegee is. God het dit inderdaad afgesonder en geseën omdat dit die einde van Sy skeppingswerk aandui. Maar vir baie lank daarna is dit op niemand afgedwing nie - nie eens op Abraham, Isak en Jakob nie. **Let wel:** die **besnydenis-wet** was ook daar voor die **wet (Genésis 17:10)**. Later is dit onder die **wet** bygevoeg, nes die **sabbat**. Waarom laat u u dan nie besny nie? As u dan die een **wet (sabbat)** hou, waarom versuim u die besnydenis? Weereens, daar is geen skriftuurlike bewys vir die **twee-wet** teorie nie. U mag antwoord dat die

Nuwe Testament die besnydenis vir nie-Jode afwys; maar die Nuwe Testament doen dieselfde met die **sabbat**!

## VRAAG 10:

Het u opgemerk dat in die **pre-wet** periode (ongeveer 2000 jaar) daar geen opdrag aan die mens gegee is om die **sabbat** te onderhou nie? Dit is tog ŉ gewetetydperk waartydens die Here genadiglik met die mens gewandel het. Ons moet aanvaar dat, al is die mens voor die **wet** deur die **"morele wet"** gelei, die **sabbat** nie deel was daarvan nie. Hoe wil u dan die latere **sabbatgebod** ŉ **"morele wet"** maak?

## VRAAG 11:

Lees u êrens in die Bybel dat **enige iemand** beveel is om die **sabbat** te onderhou voor die verlossing van Israel uit die slawerny van Egipte? Moenie **Genésis 2:1-3** aanhaal nie, want daar is nie ŉ gebod in daardie verse nie.

## ANTWOORD: VRAAG 9, 10 en 11:

Die grootste deel van die vrae is reeds beantwoord in vraag 1 en die besnydenis as deel van die **seremoniële wette** uitgewys.

Wat nog nie beantwoord is nie, is of die **wet** voor Moses al bestaan **het**, en spesifiek dan die **sabbat** - dis hoe ek u vrae lees.

Wat die vraag wil voorgee is dat die **sabbat** nie gehou sou gewees het vóór Israel se uittog uit Egipte nie.

Maar laat ons eerstens onthou: dit sal geen saak maak as so ŉ bewys nie gevind kan word nie, want ons leef duskant Sinai **(Exodus 20:8-11)** en duskant Golgota**.** **(Lukas 23:54-56; Matthéús 24:20). Verder moet onthou word: *"Die sewende dag is die sabbat van die Here jou God."*** God het dit self gespreek en met Sy eie vinger geskryf.

Maar daar is nog ander bewyse. Adam het geweet van die instelling van die huwelik en net so ook van die **sabbat** wat gemaak is vir die mens. **(Genésis 2:24; 2:1-3; Markus 2:27)**.

Die **sabbat** is gemaak vir Adam en sy nageslag. Noag was bekend met die indeling van tyd in sewe dae **(Genésis 8:10, 12)**, Abraham het God se **gebooie**, **wette** en **insettinge** gehou. **(Genésis 26:5)**.

Nou word daar gevra waarom die **sabbat** nie gemeld word tussen Adam en Moses se tyd nie. Miskien weet die vraesteller ook iets anders nie. Die **sabbat** word nie eens eenkeer vermeld van ná die tyd van Moses tot in die tyd van koning Dawid **nie**, in daardie tyd toe die doodstraf vir **sabbatskending** van krag was. Waarom was die **sabbat** in beide gevalle nie gemeld nie? Omdat daar in beide gevalle nie die minste twyfel was nie dat "*die **sabbat** van die Here jou God*" gehou moes word. Ja, ŉ maand vóór die wetgewing op Sinai **(Exodus 20)**, het die Here Israel getoets of hulle God se

**sabbat** waarneem of nie. **(Exodus 16:14-28)**. Die **sabbat** was dus bekend en is waargeneem deur Gods kinders van die skepping af.

Hier is ʼn volllediger uiteensetting: Let veral op **Exodus 16:23-30** met betrekking tot die **sabbat**!!

**BESTAAN DAAR ʼN WET VAN ADAM TOT SINAI?**

**Romeine 5:13:** "*Want voor die **wet** was daar al sonde in die wêreld; maar sonde word nie toegereken as daar geen **wet** is nie*."

Daar is mense wat reken dat die woorde **"voor die wet"** aandui dat die **wet** nie tussen Adam en Sinai bestaan het nie. Maar die res van die teks hierbo sê duidelik dat sonde nie toegereken word **as daar geen wet is nie**. Ons lees ook in hierdie verband in **Romeine 4:15** hierdie woorde:

*"Maar waar geen **wet** is nie daar is ook geen oortreding nie*." Daarby moet ons ook **1 Johannes 3:4** lees en daar staan geskryf:

"*Elkeen wat sonde doen, oortree die **wet** van God. Sonde is immers oortreding van die **wet** van God."*

Kain het sonde gedoen deur sy broer, Abel, dood te maak. Het hy Gods **wet** oortree? Gewis, anders sou sy daad geen sonde gewees het nie, en sonde is immers oortreding van die **wet** van God. Die **wet** het dus van die begin af vir alle mense gegeld.

**"Voor die wet"** beteken dan in werklikheid net maar **"voor die wet op Sinai afgekondig is,"** of voor dit in **geskrewe vorm** tot die volk Israel by Sinai gekom het.

Nog voor Sinai lees ons dat die Here vir Moses vra: **Exodus 16:28:** *"Toe sê die Here vir Moses: Hoe lank weier julle om my **gebooie** en my **wette** te onderhou?"*

Hier verwys die Here spesifiek na die **sabbatsgebod** wat die Jode pas verbreek het. Die **sabbat** as deel van die **wet**, was van God vóór Sinai. En nog voor Sinai het die Here Abraham geëer. Hoekom? Ons lees die antwoord: **Genésis 26:5:** *"Omdat Abraham na my stem geluister en my **ordening**, my **gebooie**, my **insettinge** en my **wette** onderhou het."*

**BEWYSE VAN DIE TIEN GEBOOIE Ná DIE SKEPPING EN VóóR SINAI:**

**1 STE GEBOD:** *"Jy mag geen ander gode voor My aangesig hê nie*."

**Genésis 35:2-3:** *"Toe sê Jakob aan sy huisgesin en aan almal wat by hom was: Verwyder die vreemde gode wat onder julle is ... ."*

**<u>2 DE GEBOD</u>:** *"Jy mag geen gesnede beelde maak en voor hulle neerbuig nie."*

**Genésis 31:19-34:** *"Ragel steel haar vader se huisgode."* (Engels: "images" = beelde).

In **Rigters 17:5** word ook gepraat van sulke huisgode en in **hoofstuk 18:14** word hulle genoem "*'n gesnede en 'n gegote beeld*". Hierdie beeldjies is dikwels van hout gemaak of van klei of edelmetale meestal in die vorm van naakte godinne met beklemtoonde seksdele, wat dan vrugbaarheid sou bevorder of aanhelp - daarom vir Ragel, met haar begeerte na kinders en met haar afgode-agtergrond, 'n groot versoeking om te hê.

**<u>3 DE GEBOD</u>:** *"Jy mag die Naam van die Here nie ydellik gebruik nie."*

Die Here het Abraham as so 'n vriend van Homself beskou **(Jakobus 2:23)** dat enige belediging van die naam van Sy vriend, as belediging van die Naam van God sou geld. In **Genésis 12:2** sê God vir Abraham, "*Ek sal jou ... seën en **jou naam** so groot maak, dat jy 'n seën sal wees*." Die naam van Abraham en aldus die Naam van God was hier op die spel - as seën of so nie as vloek.

**<u>4 DE GEBOD</u>:** *"Jy moet die **sabbat** van die Here heilig."*

**Exodus 16:26: "***Ses dae lank moet julle dit (die **manna**) insamel, maar op die sewende dag is dit **sabbat** … ."*

**Exodus 16:23: "***Toe sê hy vir hulle: Dit is wat die HERE gespreek het: Môre is dit rusdag, 'n heilige **sabbat** van die HERE. Wat julle wil bak, bak dit; en wat julle wil kook, kook dit; en bêre vir julle alles wat oor is, om dit te bewaar tot die môre toe*."

**Exodus 16:24:** "*En hulle het dit gebêre tot die môre toe, soos Moses beveel het; en dit het nie bederwe nie, en daar het geen wurms in gekom nie*."

**Exodus 16:25:** "*Toe sê Moses: Eet dit vandag, want dit is vandag die **sabbat** van die HERE. Vandag sal julle dit nie in die veld kry nie*."

**Exodus 16:26: "***Ses dae lank moet julle dit insamel, maar op die sewende dag is dit **sabbat**; dan sal dit daar nie wees nie*."

**Exodus 16:27:** "*En op die sewende dag het van die mense uitgegaan om in te samel, maar hulle het niks gekry nie***.**"

**Exodus 16:28:** "*Toe sê die HERE vir Moses: Hoe lank weier julle om my **gebooie** en my **wette** te onderhou?"*

**Exodus 16:29:** "*Kyk, omdat die HERE julle die **sabbat** gegee het, daarom gee Hy julle op die sesde dag brood vir twee dae. Laat elkeen bly waar hy is; laat niemand op die sewende dag van sy woonplek af weggaan nie*."

**Exodus 16:30:** "*So het die volk dan op die sewende dag gerus*."

**5 DE GEBOD:** "*Jy moet jou ouers eer en gehoorsaam*."

**Genésis 9:20, 25:**

Noag se seun Gam sien die naaktheid van sy vader en praat daaroor. Toe neem Sem en Jafet die bokleed en hou dit op hulle skouers terwyl hulle agteruitloop, en hulle het die naaktheid van hulle vader bedek: hulle gesig was agtertoe gedraai sodat hulle die naaktheid van hulle vader nie gesien het nie.

**Vers 25-26:** Sem en Jafet het ʼn seën ontvang; Gam ʼn vloek op sy nageslag.

**6 DE GEBOD:** "*Jy mag nie doodslaan nie.*"

**Genésis 4:8-15:**

Kain het Abel, sy broer, doodgeslaan. "*Daarom*" sê die Here vir Kain, "*sal jy vervloek wees*." **vers 11**.

**7 DE GEBOD:** "*Jy mag nie egbreuk pleeg nie.*"

**Genésis 39:9:**

Potifar se vrou wil Josef verlei en Josef antwoord haar:

*"Hy is in hierdie huis nie groter as ek nie en het my niks onthou nie behalwe u, **omdat u sy vrou is**; hoe kan ek dan hierdie groot kwaad doen en **sondig teen God**?"*

**8 STE GEBOD:** "*Jy mag nie steel nie.*"

**Genésis 44:8:**

*"Kyk, geld wat ons bo in ons sakke gevind het, het ons ... teruggebring - hoe sou ons dan silwer of goud uit die huis van u heer kan steel!?"*

Hoe het hierdie manne lánk "vóór die **wet**" geweet steel is sonde? Natuurlik is daar net een antwoord: Hulle het geweet wat God se **wet** vereis; hulle het geweet daar is ʼn gebod wat sê: ***"Jy mag nie steel nie."***

**9 DE GEBOD:** *"Geen valse getuienis teen jou naaste nie."*

**Genésis 27:12:**

Jakob bedrieg sy vader; lieg vir hom (deur sy dade van bedrog) dat hy Esau is. Is dit nie ŉ growwe leuen nie?

**10 DE GEBOD:** *"Jy mag nie begeer nie."*

**Genésis 25:29-34:**

Esau begeer Jakob se kos en verruil sy eersgeboortereg daarvoor. In **hoofstuk 27** lees ons weer hoe die begeerlikheid van Jakob, om die seën van Isak, hom gelei het tot groot bedrog, sodat hy herhaaldelik vir sy pa gelieg het, en Esau daarna so verwoed was dat hy besluit het om sy broer om die lewe te bring.

**Dit is ál Tien die gebooie wat reeds vóór die wet op Sinai afgekondig is!**

**VRAAG 13:**

Die **wet** bepaal: *"Maar op die sewende dag moet daar vir julle ŉ heiligheid, ŉ dag van volkome rus wees tot eer van die Here. Elkeen wat daarop werk verrig, moet doodgemaak word."* **(Exodus 35:2; 31:14)**. As u beweer die eerste deel van hierdie vers is op Christene van toepassing, dan geld dit tog sekerlik ook vir die tweede deel? Hoe straf u mense wat die gebod oortree? Waarom weier u om die doodstraf toe te pas? U antwoord: "Dit is ŉ Mosaïese wet." Maar ons het tog al duidelik gesien dat daar geen gronde is om die **Tien Gebooie** en die res van die **wet** te skei nie.

**ANTWOORD: VRAAG 13:**

Hier verwar die vraesteller weer die veelvuldige **volkswette** van Israel met God se **sedewet**. Onder die teokrasie (dit was die direkte regering van God oor Israel van Moses tot die Rigters se tyd) was die doodstraf toegepas vir die oortreding van elke **gebod** behalwe die tiende. Oortreders is gestenig vir:

- Oortreding van **eerste gebod**: **Deuteronómium 17:2-5**.
- Oortreding van die **tweede gebod**: **Deuteronómium 17:2-5**.
- Oortreding van die **derde gebod**: **Levítikus 24:15-16**.
- Oortreding van die **vierde gebod**: **Numeri 15:32-36**.
- Oortreding van die **vyfde gebod**: **Levítikus 20:9**.
- Oortreding van die **sesde gebod**: **Levítikus 24:17**.
- Oortreding van die **sewende gebod**: **Levítikus 20:10**.
- Oortreding van die **agste gebod**: **Deuteronómium 24:7**.

- Oortreding van die **negende gebod**: **Deuteronómium 19:16-19**.

Die doodstraf vir die oortreding van ál **Tien Gebooie** sal geskied by die oordeelsdag. Wil die vraesteller nou voorgee omdat die doodstraf vir godslastering, afgodery, **sabbatskending**, hoerery, diefstal, leuentaal, ens., ens. nie vandag toegepas word, dat sulke oortredinge nie meer sonde is nie?

**VRAAG 17:**

As, soos u beweer, **"gebooie"** of **"die wet"** slegs na die **Tien Gebooie** verwys, hoe verklaar u die feit dat, toe die Here Jesus oor die **wet** ondervra is, Hy as antwoord twee van die grootste **gebooie** aangehaal het wat glad nie in die **Tien Gebooie** voorkom nie, een uit **Levítikus** en een uit **Deuteronómium**? **(Matthéüs 22:35-40)**.

**ANTWOORD: VRAAG 17:**

Vreemde vraag: Jesus verwys tog hier na die **Tien Gebooie** en verwys na die **twee gebooie**: liefde tot God en liefde tot die naaste.

Enige teoloog sal tog weet dat die eerste **4 gebooie** van die 10 handel oor jou verhouding met God en die laaste **6 gebooie** met jou verhouding teenoor jou naaste: liefde tot God en liefde tot jou naaste: hieraan hang die hele **Tien Gebooie**!

**VRAAG 18:**

Paulus beskrywe die **wet** as ŉ bediening van die **dood**, geskrywe en gegraveer op klip **(Exodus 20:1-17; 31:18; 32:15-16; 34:1-28; 2 Korinthiërs 3:1-18)**. Hy sê dat daarmee **weggedoen** is. **(2 Korinthiërs 3:7; 3:11)**. Gee asseblief hoofstuk en teksvers wat sê dat daar met Paulus se openbaring iets verkeerd is, of dat God dit weer verander het.

**VRAAG 38:**

**2 Korinthiërs 3:7** beskrywe die **wet** as "*die bediening van die dood, met letters op klippe gegraveer*." **Vers 11** verklaar dat die **wet** moes vergaan. Waarom hou u so stewig vas aan "*'n bediening van die dood wat moes vergaan?"*

**ANTWOORD VRAAG 18 en 38:**

Ek sukkel werklik om eksegeties hier te lees dat Paulus sê dat daar weggedoen is met die **Tien Gebooie**.

Wat dan van hierdie woorde van dieselfde Paulus?

**Romeine 3:31:** *"Maak ons dan die **wet** tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die **wet**."*

Die vraesteller haal self aan dat die bediening van die dood weggedoen is; dit wil sê, **die doodstraf vir die oortreding is opgehef, maar nie die Tien Gebooie self nie.**

Al word die doodstraf vandag nie vir sondes voltrek nie, tog sal God die sondes in die oordeel straf.

Miskien moet ons hier **Spreuke 28:4** aanhaal:

**Spreuke 28:4:** *"Die wat die* ***wet*** *verlaat, hulle prys die goddelose; maar die wat die* ***wet*** *onderhou, word vererg oor hulle."*

Die mens voel hom verplig, of hy word verplig om die landswette te gehoorsaam, want dis vir sy eie belang, veiligheid en beskerming.

**Maar**, wanneer dit by Gods heilige **wet** kom wat deur God self gegee en geskryf is, soek hy fout met God se **wet**. Wat moet ons daarvan sê? Of meer, wat sou God daarvan dink?

<u>Die bekende D.L. Moody het die volgende opmerking gemaak</u>:

*"Ek het nog nooit 'n eerlike mens gevind wat fout soek met die* ***Tien Gebooie*** *nie*." **Weighed in Balances**, bl. 11.

<u>John Wesley het die volgende geskryf</u>:

*"Die vernaamste vyande van die Evangelie van Christus is diegene wat openlik en opsetlik die* ***wet*** *self oordeel, en kwaad van die* ***wet*** *spreek; wat die mense leer om sommer nie net een* ***gebod*** *of dit die minste of die grootste* ***gebod*** *is nie, maar al die* ***gebooie*** *te ontbind of die verpligting daaraan te onthef … die vreemdste van alles omtrent diegene wat onder dié verleiding verkeer, is dat hulle daarvan so oortuig is, en dit so vas glo dat hulle Christus daarmee vereer deur Sy volmaakte* ***wet*** *omver te werp … ."*

(Hierdie preek het John Wesley gelewer in antwoord op diegene wat wou voorgee dat die **Tien Gebooie** ook by die kruis verval het.)

## <u>VRAAG 19</u>:

**Galásiërs 3:19** verklaar dat die **wet** bygevoeg is totdat die *"saad aan wie die belofte gedoen is, sou kom,"* en dit bewys tog duidelik dat die wetsdispensasie slegs vir 'n definitiewe tydperk bedoel was. Die ***"saad"***, Christus, het gekom en het ons losgekoop van die ***"****vloek van die* ***wet****"*. **(Galásiërs 3:13)**. Ons is vry van die **wet (Romeine**

**7:1-6)**. Watter motief lê agter u openlike verwerping van die Nuwe Testamentiese uitsprake?

**ANTWOORD: VRAAG 19:**

Die vraesteller wil nie weet dat dit verwys na die **seremoniële wet** van offerandes wat ná die sondeval ingekom het nie. God se **wet** het met die skepping van die mens tot stand gekom. Sodra God die eerste mens geskape het, het daar sekere verhoudings tussen God en Sy skepsel ontstaan; met die **skepping van die tweede mens het die verhouding van skepsel teenoor skepsel tot stand gekom.**

Daardie verhoudings en pligte van die mens teenoor Sy Skepper en sy medemens is vervat in Gods **wet** van die **Tien Gebooie**.

Luister wat sê ds. A.J. van Wyk van die Nederduitse Gereformeerde kerk:

*"Die **Tien Gebooie** is die samevatting, in die beknopte vorm, van die Goddelike vereistes wat reeds van die skepping af bestaan*." Aangehaal uit: "**Uit die Beek**", (1935), bl. 40.

Ek het ook eers gedink dat daar 'n wetsdispensasie was en dat die Jode deur die **wet** te hou gered sou word.

Ongelukkig was daar nooit so 'n dispensasie nie - as u die heiligdomswaarheid in **Levítikus** en **Hebreërs** bestudeer, sal u agterkom dat Israel van ouds op presies dieselfde wyse as ons vandag gered is.

Nié **deur die wet nie** - hulle is gered deur hulle sondes simbolies op die lammetjie by die brandofferaltaar te plaas en só is hulle sondes oorgeplaas op die Lam wat sou kom – daardie lammetjie in die Heiligdom het altyd vorentoe gewys na die Lam wat sou kom.

Met ander woorde: Israel is gered deur die Lam wat **sou kom**.

Ons word gered deur die Lam wat **gekom het**.

Daar was dus geen wetsdispensasie net vir 'n sekere tyd nie - dis bloot nié Bybels nie. Niemand gaan deur die **wet** gered word nie. **Net Christus se bloed gaan dit doen** - die bloed van die lammetjie by die brandofferaltaar in die Heiligdom en ook die bloed van die Lam wat aan die kruis gestort is.

Christus het ons losgekoop van die vloek van die **wet** maar dit beteken nie dat ek nou maar die **wet** kan breek nie - of is dit nou wat dit beteken?

Nee, ek hou die **wet** uit gehoorsaamheid en uit dankbaarheid vir my verlossing, en die feit dat Hy die **wet** in my plek kom vervul het wat ek in elk geval nooit sou kon doen nie!

**VRAAG 20:**

As Christene aan die **wet** en die onderhoud van die **sabbat** gebind is, en u so 'n geweldige klem daarop lê, waarom word dit nie duidelik in die Nuwe Testament beveel

nie? Kan u die sonderlinge weglating verklaar?

**ANTWOORD: VRAAG 20:**

Die vraag is eintlik reeds beantwoord in vraag 1 en 2 se antwoord.

Die vraag word vreemd gestel dat Sewendedag Adventiste so vreeslik klem daarop lê. Maar ek wil weer beklemtoon: Dis nié die Sewendedag Adventiste wat die **sabbat** ingestel het nie - Dis nié ’n kerk se **sabbat** nie - dis Jesus se **sabbat** en Hy sê self dat Hy die Here van die **sabbat** is.

As jy Hom innooi in jou lewe dan kom **Sy sabbat** met Hom saam of jy nou daarvan hou of nie!

Hoekom moes dit weer beveel word in die Nuwe Testament? Dit was dan die gebruik!!!

Jesus het dit gehou. Die apostels het dit gehou. Die vroeë kerk het die **sabbat** gehou. Hoekom moes daar ’n **gebod** gekom het? Die **gebod** was mos nog altyd daar!

Dis nie ’n sonderlinge weglating nie, dit sou ’n oorbodige gebod gewees het. Dit het reeds bestaan en God verander nie en Jesus het dit beslis nie verander na die Sondag toe nie!

**VRAAG 21:**

Waarom het die Here Jesus, in ’n baie belangrike gesprek oor die saligheid, vir die ryk jongman ses van die **Tien Gebooie** genoem, maar die **sabbat** uitgelaat? U kan sê Hy het drie ander ook uitgelaat. U is reg, maar ’n mens wonder, aangesien hierdie ’n oorgangstydperk van Judaïsme na Christendom was en Hy spesifiek met die Jode kom deel het, of Hy enigsins na die **gebooie** sou verwys het as dit nie vir hulle ’n verwysingsraamwerk was nie.

**ANTWOORD: VRAAG 21:**

Die vraesteller wil eintlik voorgee as sou die Here Jesus dan vergeet het om die **sabbat** verpligtend te beskou en dit nie van die jongman in **Matthéüs 19:16-23** geëis het nie. Hiermee mislei en verwar die vraesteller die leser want dit sou veronderstel dat Jesus ál die ander **9 gebooie** aangehaal het, behalwe die 4de. Dis nie waar nie.

Deur **Matthéüs 19:16-22** weer sorgvuldig te lees, sal gesien word dat Jesus nie een van die eerste vier **gebooie** aangehaal het nie, ook nie die tiende nie.

Bedoel die vraesteller nou dat Jesus daardie **5 gebooie** die **sabbatsgebod** inkluis, nie aangehaal het nie, of vergeet het, omdat Hy hulle as onbelangrik en nie geldig beskou het nie? Dis ondenkbaar!!

Jesus het elkeen van die ander **gebooie** op ander tye beklemtoon: Hy was ook ŉ getroue **sabbatvierder (Lukas 4:16; 13:10)**, en het Sy dissipels vermaan om die dag van die Here te gedenk. **(Matthéüs 24:20)**.

**VRAAG 22:**

Hier is nou ŉ uiters belangrike kernvraag. Ná Jesus se hemelvaart, juis terwyl sommige Jode nog baie sterk oor **wetsonderhouding** gevoel het, is daar in Jerusalem ŉ vergadering gehou wat uit kerkleiers bestaan het. Die **Heilige Gees** en die leiers het op hierdie wegbereidende vergadering besluit aan watter reëls die nuwe bekeerlinge hulle moes hou. Nie een van die reëls waaroor ooreengekom is, het iets met **sabbatonderhouding** te make gehad nie! (Lees asseblief die hele **Handelinge 15**.) Dit is tog besonder veelseggend? As **sabbat** enigsins belangrik was, moes dit tog duidelik hier uitgekom het?

**ANTWOORD: VRAAG 22:**

In hierdie vraag meen die vraesteller dat die ouderlinge in die groot konferensie te Jerusalem **(Handelinge 15)**, die **sabbat** sou vergeet het.

Hierdie sitting het gevolg ná Paulus se eerste sendingreis. Maar soos reeds genoem is, dat waar Paulus vir die mense van Galásië gepreek het, hy vir Jode en vir heidene op die **sabbat** gepreek. (Lees weer **Handelinge 13:42-44**).

Die rede vir die konferensie was om te beslis of die heidene die besnydenis moes ondergaan soos sekere valse leraars ná Paulus se vertrek by hierdie mense kom aandring het. Lees die melding van die besnydenis-bespreking in **Handelinge 15:5-6**. Daar was **geen** twyfel omtrent God se **sabbat** nie.

Die vraesteller meen dat hulle met die konferensie die **sabbat** as onbelangrik geag het, en daarom geen melding daarvan gemaak het nie!

Daar is reeds meer as een keer verwys na die feit dat die apostels en die vroeë kerk die **sabbat** gehou het. Waarom sou dit nodig gewees het om dit weer te beklemtoon?

Waaroor die vergadering wel gegaan het, het merendeels te make gehad met die **seremoniële wette**, **insettinge** en **verordeninge** waaraan baie Jode nog wou vashou ná hulle bekering soos byvoorbeeld die **besnydenis**.

Maar laat ons vra: As Christene hulle moes onthou van afgodery, van laster, van leuentaal, ens., waarom was hierdie dinge dan net soos die **sabbat** ook nie gemeld nie?

**VRAAG 23:**

Waarom het die apostel Paulus, onder leiding van die Heilige Gees, die **sabbatgebod** uit al sy briewe weggelaat as die **sabbat** so belangrik was? Hier was tog ŉ kerk in

wording.

**ANTWOORD: VRAAG 23:**

Wat ek nie kan begryp nie, is dat die vraesteller nie verstaan dat Paulus self die **sabbat** gehou het nie.

**Handelinge 18:4:** *"En hy het elke **sabbat** in die sinagoge gespreek en Jode sowel as Grieke oortuig."*

Paulus het nie 'n ander dag van aanbidding geken of gehou nie. Toe die kerk dus in wording was soos die vraesteller dit stel, was daar geen ander dag van aanbidding nie. Van **sabbat** tot **sabbat** – **83** keer in die boek Handelinge in die kerk in wording.

Waarom sou dit nodig gewees het om nou 'n gebod met betrekking tot die **sabbat** daar te stel soos wat die vraesteller wil hê Paulus moes gedoen het.

Die vraesteller wil bloot nie aanvaar dat die **sabbat** in die vroeë kerk die weeklikse gebruik was nie, maar kan ook nie 'n enkele vers noem waar hulle gevra of gebied word om die **eerste** dag of die Sondag te hou nie.

Dit voel al te meer na vrae met 'n agenda en nie vrae met 'n eerlike bedoeling nie.

**VRAAG 24:**

Waar die Here self in **Openbaring 2 en 3** sewe baie belangrike briewe aan gemeentes skrywe, is daar ook geen gebod om die **sabbat** te hou nie. In hierdie laaste briewe aan Sy gemeente op aarde, sou 'n mens verwag dat die **sabbatgebod** prominent vervat sou wees, indien dit so aardskuddend belangrik was. Waarom hierdie weglating?

**ANTWOORD: VRAAG 24:**

Dieselfde rede soos reeds genoem. Johannes skrywe op Patmos in ongeveer die jaar 70 n.C.. As jy die briewe bestudeer, kom jy agter dat die gemeentes eintlik verskillende tydperke van die kerkgeskiedenis verteenwoordig, met Éfese die tydperk van die vroeë kerk in die eerste eeu n.C. en Laodicéa die laaste kerk voor Sy wederkoms.

Openbaring leer duidelik dat die Here 'n volk in hierdie laaste dae sal verwek wat onder die verkondiging van die ewige evangelie gehoorsaam sal wees aan die **gebooie** van God en die geloof in Jesus. (Lees **Openbaring 12:17**; **Openbaring 14:12** en **Openbaring 22:14**). Hierdie profesie moet en sal in vervulling gaan net voor die wederkoms van ons Here Jesus.

**Openbaring 12:17:** *"En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die **gebooie** van God bewaar en die*

*getuienis van Jesus Christus hou."*

**Openbaring 14:12:** *"Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die **gebooie** van God en die geloof in Jesus bewaar."*

**Openbaring 22:14:** "*Salig is die wat sy **gebooie** doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad."*

## **<u>VRAAG 25</u>:**

As die byeenkoms op 'n **sabbat** dan so belangrik was, hoekom het die apostels en ouderlinge totaal afgewyk daarvan en inteendeel op die **eerste** dag van die week begin kerk hou en nagmaal gebruik? **(Handelinge 20:7)**.

### **<u>ANTWOORD: VRAAG 25</u>:**

Hierdie is waarskynlik een van die sterker argumente van die vraesteller, maar ongelukkig is dit ook op wanbegrip en onwaarheid gebaseer.

Eerstens gee hy voor dat die apostels gereeld op die eerste dag van die week bymekaar gekom het om te aanbid; en tweedens, dat hulle slegs op die eerste dag van die week sou brood gebreek het.

Die waarheid is dat in die begin die apostels sommer elke dag brood gebreek het. **(Handelinge 2:46)**. In meeste gevalle was dit niks anders nie as om te sê dat hulle saam geëet het - hulle het nie elke dag nagmaal gehou nie!

Maar die breek van brood maak geen dag heilig nie.

Slegs 'n bevel en 'n proklamasie van God kan 'n dag heilig maak.

Maar nêrens kan so iets omtrent die eerste dag van die week gesê word nie!

Verder moet dit bekend wees dat **Handelinge 20:7** die enigste melding maak van **84 sabbatte** waarop Paulus dienste gehou het, maar waarom het Paulus hierdie diens op die eerste dag gehou? Was dit sy gewoonte? Nee, sy gewoonte was om dit op die **sabbat** te doen. **(Handelinge 17:2)**. Maar was daar dan 'n bepaalde rede voor in hierdie geval? Beslis **ja**, want ons lees dat hy die volgende dag sou vertrek. **(Handelinge 20:7)**. Dit was dus niks anders nie as 'n afskeidsdiens.

**<u>Handelinge 20:7-9</u>:**

**Handelinge 20:7:** *"En op die eerste dag van die week, toe die dissipels vergader het om brood te breek, het Paulus hulle toegespreek, **omdat hy die volgende dag sou vertrek** en hy het sy rede gerek tot middernag toe."*

***Sommige wil dit hê dat hier nou sprake is van die nagmaal wat gebruik word op die Sondag. Dis egter nie so duidelik dat dit nagmaal was nie. **Handelinge 2:46** sê

die volgende:

**Handelinge 2:46:** *"En dag vir dag het hulle eendragtig volhard in die tempel en van huis tot huis brood gebreek en hulle voedsel met blydskap en eenvoudigheid van hart geniet."*

***Om brood saam te breek het eenvoudig ook net beteken om saam te eet. Maar hoe dit ookal sy, al sou dit 'n nagmaal gewees het wat ek betwyfel, is hier 'n baie sterk aanduiding dat dit 'n nagtelike byeenkoms was:

**Handelinge 20:8:** "*En daar was baie lampe in die bovertrek waar hulle vergader het.*"

Dit was dus 'n aanddiens.

Volgens die Bybelse indeling van tyd is die **sabbat** van sononder tot sononder. **Levítikus 23:32; Markus 1:32:** en die eerste dag van die week begin dan op wat teenswoordig Saterdag sononder genoem word; want die Bybel noem dit ook so:

*Dit was aand en dit was môre, die eerste dag."* **(Genésis 1:5)**.

Dus het die diens, in **Handelinge 20:7** opgeteken, op 'n Saterdagaand geval en die Sondagmôre het Paulus van Troas na Assus 19 myl te voet gestap om die skip daar te haal. **(Handelinge 20:13-14)**.

Dat die diens op 'n Saterdagaand geval het, stem vooraanstaande Sondagvierende Bybelverklaarders mee saam. Ons noem 'n paar:

1. **Eerw. W Prynne:**

   *"Dit was op Saterdagaand soos ons dit verkeerlik noem, en nie op Sondagaand nie*."
   **Dissertatio on Lords Day Sabbath,** bl. 36-41, (1633).

2. **H. Hackett, D.D., Professor in die Bybelse Literatuur:**

   "*Die Jode hou die dag van die aand na die môre, en volgens daardie beginsel, moes die aand van die eerste dag op ons Saterdagaand geval het."* **Commentary on Acts**, bl. 329.

3. **Dr. John Kitto:**

   "*Die aand van die eerste dag van die week sou ons Saterdagaand gewees het*."
   **Cyclopedia of Biblical Literature,** Deel 11, bl. 269, artikel: "Lords Day", 1849.

4. **<u>Conybeare en Howson</u>:**

> "*Dit was die aand wat gevolg het op die **Sabbat** wat die Jode hou. Op die Sondagmôre sou die boot vertrek*." **Life and Epistles of the Apostle Paul**, Deel 11, bl. 206.

Dis sekerlik duidelik: die byeenkoms is Saterdagaand.

Paulus preek tot middernag toe. Wanneer was dit? Dit word duidelik dat dit <u>Saterdagaand ná die **sabbat** was</u> en Paulus sou die volgende oggend vertrek en hy neem afskeid van hierdie gemeente.

Paulus is op sy derde sendingreis en kom hulle groet. Ons moet nie vergeet dat Paulus die **sabbat** gehou het nie. Ná die **sabbat** verby was, toe die son sak op die sewende dag, <u>begin hulle afskeidsgeleentheid</u>. Hulle <u>eet (breek brood) saam</u> en Paulus is aan die woord tot ná middernag.

**Handelinge 20:9:** *"En 'n sekere jongman met die naam van Eútichus het in die venster gesit en weggesink in 'n diepe slaap; en toe Paulus nog lank gespreek het, is hy oorweldig deur die slaap en het van die derde verdieping afgeval en is dood."*

**Handelinge 20:10:** "*Toe gaan Paulus ondertoe en val op hom en slaan sy arms om hom en sê: Moenie so te kere gaan nie, want sy lewe is in hom."*

**Handelinge 20:11:** *"En hy het boontoe gegaan en brood gebreek en geëet; en nadat hy nog 'n geruime tyd gespreek het tot dagbreek toe, het hy vertrek."*

***Sy metgeselle het alreeds die boot gevat maar hy gaan die 19km na Assus te voet aflê. Wanneer: vroeg op die eerste dag van die week toe dit lig word - Sondag. <u>Hy het nié gebly vir 'n erediens nie. Hy het gestap om te gaan werk</u>.

Hier is daar ongelukkig geen aanduiding dat die eerste dag afgesonder en geheilig is nie, en dat dit nou die dag geword het waarop die kinders van God aanbid het nie.

Hier is ook sommer die verklaring van die ander **eerstedag** (Sondag) tekste wat dikwels voor **sabbathouers** gehou word, waar ook verkeerde afleidings oor gemaak word:

<u>Ek behandel 2 van die sogenaamde probleemtekste</u>:

1. **<u>Johannes 20:19</u>:**

**Johannes 20:19:** "*En toe dit aand was op daardie eerste dag van die week en die deure waar die dissipels vergader het **uit vrees** vir die Jode, gesluit was, het Jesus gekom en*

*in hul midde gestaan en aan hulle gesê: Vrede vir julle!"*

Sommige wil dat die dissipels op Sondag bymekaar gekom het om te aanbid. Dis baie duidelik dat hier geen opdrag tot heiliging van die dag is nie inteendeel, hier word duidelik gesê dat die dissipels gaan wegkruip het uit **<u>vrees</u>** vir die Jode. Dit was beslis nie 'n erediens nie.

Hulle was daar bymekaar uit **vrees** vir die Jode.

<u>'n Ander teks wat ook vir dieselfde argument gebruik word is</u>:

2. **<u>1 Korinthiërs 16:1</u>:**

**1 Korinthiërs 16:1:** *"Wat die insameling vir die heiliges betref, moet julle ook so doen soos ek vir die gemeentes van Galásië gereël het."*

**1 Korinthiërs 16:2:** *"Op elke eerste dag van die week moet elkeen van julle self opsy sit en opspaar namate sy voorspoed is, sodat die insamelinge nie eers plaasvind as ek kom nie."*

**1 Korinthiërs 16:3:** *"En wanneer ek aangekom het, sal ek die persone wat julle goedkeur, met briewe stuur om julle gawe na Jerusalem te bring."*

***Sommige wil dit hê dat hier van 'n erediens gepraat word en dat hier na 'n offergawe in die erediens verwys word.

Maar wanneer 'n mens die teks in sy konteks lees word die bedoeling baie duidelik. Die konteks kry jy egter in **Handelinge** en jy moet dit weet anders sal jy dit nie verstaan nie.

<u>Kom ons lees **Handelinge 11:28**</u>**:**

**Handelinge 11:28:** *"En een van hulle met die naam van Agabus het opgestaan en deur die Heilige Gees te kenne gegee dat daar 'n groot hongersnood oor die hele wêreld sou kom, wat ook gekom het onder keiser Claudius."*

**Handelinge 11:29:** *"En die dissipels het besluit dat iedereen van hulle na sy vermoë iets sou stuur tot versorging van die broeders wat in Judéa woon."*

**Handelinge 11:30:** *"En dit het hulle ook gedoen en dit deur Bárnabas en Saulus aan die ouderlinge gestuur."*

***Dis baie duidelik dat hierdie nie ŉ kollekte in die erediens was nie, maar ŉ spesiale offergawe vir die **nood** van ander as gevolg van ŉ hongersnood in Judea. Hierdie spesiale bydraes moes ingesamel word, nié noodwendig geld nie, teks sê "iets" kon hulle stuur. Paulus sou dit dan by hulle kom optel.

Hierdie teks moet ook in konteks gelees word.

## VRAAG 26:

U beweer die **sabbat** is verander rondom Konstantyn se tyd, in die 4de eeu. Hoe verklaar u dan dat die kerkvaders, in die eerste drie eeue na Christus, na die eerste dag van die week verwys as die dag waarop Christene bymekaargekom het – in navolging van die apostels? Die kerkgeskiedenis getuig teen u standpunt.

## ANTWOORD: VRAAG 26:

Die vraesteller beroep hom op vroeë-eeuse kerkvaders wat Sondagviering sou voorgestaan het.

Maar as God, Christus, die Heilige Gees en die apostels die Sondagviering nie voorgestaan het nie, dan raak dit ons nie wat hierdie vroeëre kerkvaders, wat die wegbereiders was vir die afval en later die Roomse sisteem, voorgestaan het nie.

Want Paulus het uitdruklik gewaarsku dat daar kort ná sy vertrek sulke kerkvaders sou opstaan en verkeerde dinge onder die Christene sou leer. **(Handelinge 20:29-30)**. Ja, hy skryf dat die verborgenheid van die ongeregtigheid en die afval reeds al in sy tyd aan die werk was. **(2 Thessalonicense 2:3, 4 en 7)**.

Daar word in elk geval nêrens beweer dat Konstantyn die **sabbat** verander het nie en ons beweer dit ook nie. Die Roomse kerk erken dat dit húlle is wat dit verander het.

Die geskiedenis van die eerste 3 eeue van die kerk wys dat daar langsamerhand ŉ vreemde kompromie met die heidene in hulle midde deur die Christene van daardie tyd aangegaan is. Baie van hulle het geredeneer dat om ŉ paar heidense beginsels in die Christendom in te bring die heiden vinniger sou laat tuis voel en veral die Joodse Christene is dikwels deur die heidene aangeval oor hulle dan nou kwansuis nog die Joodse **sabbat** wil hou. Die Sondag was vir eeue nie ŉ heilige dag nie, maar ŉ gewone dag, maar omdat talle van die inwoners van heidense Rome sonaanbidders was, het hulle toe die Sondag geneem om die dag van die son te vier.

Jy lees selfs van keisers wat hulleself as songode verklaar het en verwag het dat hulle onderdane hulle op die Sondag as ŉ songod sou aanbid.

Toe keiser Konstantyn volgens die geskiedenis hom tot die Christendom bekeer, was hy instrumenteel om die eerste burgerlike Sondagwet in die Romeinse Ryk ingestel te kry.

Dis bloot die korrekte geskiedenis en ons lees dit in enige Ensiklopedie:

**ENCYCLOPEDIA BRITANNICA**:

*"It was Constantine the Great who first made a law for the proper observance of Sunday; who appointed it should be regularly celebrated throughout the Roman Empire ."* **Article Sunday***.*

**ENCYCLOPEDIA AMERICANA**:

*"Constantine the Great made a law for the whole empire (AD 321) that Sunday should be kept as a day of rest."*

**CHAMBERS ENCYCLOPEDIA**:

*"Unquestionably the first law, either ecclesiastical or civil, by which the Sabbatical observance of Sunday is known to have been ordained, is the Sabbatical edict of Constantine AD 321",* **Article Sunday**.

En dan lees ons van die Roomse kerk wat 4 jaar daarna die volgende besluit geneem het:

**HISTORIA ECCLESIASTICA** p. 739:

*"In the year 325, Sylvester, Bishop of Rome changed the title of the first day, calling it the Lord's day."*

En dan in **A History Of The Councils Of The Church**, Vol. 2, p. 316:
By die Konsilie van Laodicéa:

*"Christians shall not Judaize* ***(keep Sabbath)*** *and be idle on Saturday … but shall work on that day; … ."*

*" … but the Lord's day they shall especially honour, and, as being Christians, shall if possible, do no work on that day."*

Hieruit is dit duidelik dat talle Christene steeds **sabbathouers** was, en met **wetgewing** gedwing moes word om Sondag te hou.

## VRAAG 27:

Waarom hou u aan om te verkondig dat die pous die **sabbat** verskuif het van die

sewende na die eerste dag – terwyl die Bybel onomwonde verklaar dat die eerste Christene die eerste dag as aanbiddingsdag gebruik het, eeue voor daar so-iets soos ŉ pous bestaan het? Wanneer het die pous die **sabbat** verander? Waar en hoe het hy dit verander? Het hy eenvoudig oor ernstige **sabbathouers** gestoomroller en hulle van hul oortuigings gestroop? Ons vra nie na die aanmatigende menings van pousgesinde skrywers nie. Ons vra feite wat die toets van historisiteit kan slaag.

**ANTWOORD: VRAAG 27:**

Hierdie is ŉ kritiese vraag en vereis ŉ **volledige** antwoord. Daarom gaan ek die kerke en ook in die besonder die Roomse kerk self laat praat.

Op ŉ dag tel iemand Peter Geiermann se **Convert's Catechism of Catholic Doctrine** op, en daarin lees hy toe die volgende op bladsy 50:

**VRAAG**: Watter dag is die **sabbatdag**?

**ANTWOORD**: Saterdag is die **sabbatdag**.

**VRAAG**: Hoekom hou ons Sondag pleks van Saterdag?

**ANTWOORD**: Ons hou Sondag in die plek van Saterdag omdat die Katolieke kerk die plegtigheid daarvan oorgeplaas het van Saterdag na Sondag.

Die man was verstom en kon net dink dat daar êrens ŉ fout moet wees en toe skryf hy ŉ brief aan die destydse beroemde **James Cardinal Gibbons** van Baltimore om te verneem of die Katolieke kerk werklikwaar die dag van aanbidding verander het van Saterdag na Sondag. Die kardinaal se antwoord was:

*"Maar natuurlik. Die Katolieke kerk maak daarop aanspraak dat dit ŉ daad van haar kant af is. En die daad is ŉ* ***merkteken*** *van haar kerklike mag en gesag in sake van godsdienstige aard."*

Luister ŉ oomblik wat die kerke van die wêreld sê:

**WAT Sê DIE PRESBITERIANE?**

*"The Christian* ***sabbath*** *(Sunday) is not in the Scriptures and was not by the primitive church called the* ***sabbath****."* **Dwight's Theology**, Vol. 14, p. 401.

**WAT Sê DIE BAPTISTE?**

"*There was and is a commandment to keep holy the* ***sabbath day****, but that* ***Sabbath***

*was not Sunday."* **Edward Hiscox, Author of the Baptist Manual**.

**WAT Sê DIE METODISTE?**

*"It is true there is no positive command for keeping holy the first day of the week."* **Bishops Pastoral**, p. 61.

**WAT Sê DIE LUTERANE?**

*"The observance of the Lord's Day (Sunday) is founded not on any command of God, but on the authority of the Church."* **Augsburg Confession of Faith**.

**WAT Sê DIE ANGLIKAANSE KERK?**

*"Many people think that Sunday is the **sabbath**. But neither in the New Testament nor in the early church is there anything to suggest that we have any right to transfer the observance of the seventh day of the week to the first. The **sabbath** was and is the Saturday and not Sunday, and if it were binding on us then we should observe it on that day, and on no other."* Rev. Lionel Beere, All-Saints Church, Ponsonby, N.Z. in **Church and People**, Sept. 1, 1947.

**WAT Sê DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK?**

*"Dit is nogal opmerklik dat die kampvegters vir die volwassedoop, nie dieselfde vereiste vir 'n spesifieke Bybelteks stel as dit by die viering van die Sondag kom nie. Feitlik alle Christelike kerke vier die Sondag as die dag van die Here in plaas van die **sabbat**, alhoewel ons geen Bybelteks het wat so 'n opdrag gee nie."* **Die Kerkbode**.

**WAT Sê DIE KONGRESIONALISTE?**

*"It is clear that, however rigidly or devoutly we may spend Sunday, we are not keeping the **Sabbath**. There is not a single sentence in the New Testament to suggest that we incur any penalty by violating the supposed sanctity of Sunday."* Dr. Dale, **The Ten Commandments**, pp. 106, 107.

**KOM ONS KYK NOU WAT Sê DIE ROOMSE KERK SELF?**

Hulle is baie meer direk en spot eintlik met al die kerke en veral die Protestante wat so gemoedelik agter hulle aanloop. Luister mooi!

*"The **sabbath** was Saturday, not Sunday. The **<u>Church</u>** altered the observance of the **sabbath** to the observance of Sunday. Protestants must be rather puzzled by the keeping of Sunday when God distinctly said, 'Keep **holy** the **sabbath day**.' The word Sunday does not come anywhere in the Bible, so, without knowing it they are obeying the authority of the Catholic Church."* Canon Cafferata, **The Catechism Explained**, p. 89.

**<u>ROOMSE KERK</u>:**

*"If the Bible is the only guide for the Christian then the Seventh-Day Adventists is right observing the Saturday ... ."* Father Conway: **Question Box Answers**.

**<u>ROOMSE KERK</u>:**

*"That observance remains as a reminder of the Mother Church from which the non-Catholic sects broke away – like a boy running away from home but still carrying in his pocket a picture of his mother or a lock of her hair."*

**<u>ROOMSE KERK</u>:**

*"You may read the Bible from Genesis to Revelation and you will not find a single line authorising the sanctification of Sunday. The Scriptures enforce the religious observance of Saturday, a day which we never sanctify."* **Faith of our Fathers**, Cardinal Gibbons.

**<u>ROOMSE KERK</u>:**

*"But since Saturday, not Sunday, is specified in the Bible, isn't it curious that non-Catholics who profess to take their religion directly from the Bible, and not the Church, observe Sunday instead of Saturday?"* **Dr. John O'Brien, Ph.D. LLD**.

**<u>ROOMSE KERK</u>:**

*"One will search the Scriptures in vain for authority for changing from the seventh day to the first."* **Ten Rules for Living**, p. 61, Clovis G. Chappel.

**<u>ROOMSE KERK</u>:**

*"It was the Catholic Church that decided Sunday should be the day of worship for*


*Christians, in honor of the resurrection."* **Catholicism & Fundamentalism 1988**, p. 38, Karl Keating.

**<u>ROOMSE KERK</u>:**

*"Sunday is our mark of authority ... . The church is **<u>above the Bible</u>** and this transference of **sabbath** observance is proof of that fact."* **Catholic Record**, Sept 1, 1923.

**<u>ROOMSE KERK</u>:**

*"The **sabbath**, was changed from Saturday to Sunday … not from any directions noted in the scriptures, but from the church's sense of it's own power … ."* **Saint Catherine Catholic Church Sentinel,** May 21, 1995.




**<u>ROOMSE KERK</u>:**

*"Protestants accept Sunday rather than Saturday as the day for public worship after the Catholic Church made the change. But the Protestant mind does not seem to realize that in observing the Sunday, they are accepting the authority of the spokesman for the church, the Pope."* **Our Sunday Visitor**, February, 1950.

**<u>ROOMSE KERK</u>:**

*"If Protestants would follow the Bible, they should worship God on **sabbath day**."*

*"In keeping the Sunday they are following the law of the Catholic Church."* **Our Sunday Visitor**, February 1950.

**<u>VRAAG 28</u>:**

Is u absoluut seker dat u inderdaad die sewende dag heilig? Is u ondubbelsinnig oortuig dat daar nêrens enige foutiewe tydsberekening was in die baie eeue sedert God die sewende dag vir Homself afgesonder het nie? Neem in ag die verandering in die kalender in 46 v.C. toe ŉ jaar uit meer dae as tans bestaan het, ten einde vorige tydsberekenings reg te maak. Dink ook aan die wet van 1751, waarvolgens 11 dae uit September verwyder moes word ten einde "die kalender" aan te pas. As u bogenoemde en ander veranderings in ag neem, sowel as ander wysigings wat van tyd tot tyd plaasgevind het, is u heeltemal seker dat Saterdag die werklike sewende dag van die skepping verteenwoordig?

**<u>ANTWOORD: VRAAG 28</u>:**


Hierdie is ŉ goeie vraag want die implikasie is die afleiding dat, as die kalender verander het, dan het die **sabbat** ook mos verander.

En nou is die vraesteller heeltemal korrek. Die kalender het in die geskiedenis verander. Nie net in 1751 <u>in Engeland nie, maar ook in Oktober 1582</u>.




<u>Pous Gregorius het die Juliaanse kalender verander na die Gregoriaanse kalender en 10 dae van die jaar afgetrek</u>.


In September 1751 is die kalender in Engeland aangepas**.**




Wat Vrydag die 5de moes gewees het, het Vrydag die 15de geword. Die volgende dag was in elk geval Saterdag.

In Rusland het die verandering gekom ná die koms van kommunisme in 1918.

Met al die veranderinge is die **sabbat** nooit verander nie - die **sabbat** wat op die weeksiklus sedert die skepping funksioneer. Bewys hiervan is die volgende briewe van die sterrewagte in Amerika en Engeland.








1. Van die skepping tot by Sinai kon geen verwarring bestaan het nie, want dan sou God op Sinai weer gewys het watter dag die sewende dag is.

2. As daar enige twyfel ontstaan het tussen Sinai en Golgota, dan sou Jesus die mense tydens Sy aardse bediening reggehelp het.

3. Sedert die kruisiging is daar nog die Joodse geslag tot vandag toe, en by hulle het nog nooit enige twyfel opgekom oor die dae van die week nie.

Trouens, alle verandering in die almanakke of kalenders wat ooit gemaak is, het slegs minder of meer dae in 'n maand gebring; maar **nooit was daar enige verandering in die aantal dae van die week, of in die volgorde van die dae aangebring nie**.







Alhoewel die verskillende lande toe verskillende almanakke met verskillende datums op daardie genoemde tye gebruik het, was daar absoluut geen verskil omtrent die dae van die week, of die volgorde daarvan, of watter dag die sewende dag is nie.

Trouens deur die eeue heen is ons Saterdag beskou as die sewende dag, en in baie tale is dit en word dit vandag nog genoem die **sabbat**, of ʼn woord wat **sabbat** beteken.

Hier volg ʼn paar voorbeelde hoedat die almanakke in die verskillende tale Saterdag of die sewende dag deesdae nog steeds weergee:

| <u>Die Taal</u> | <u>Saterdag</u> | <u>Die Betekenis</u> |
|---|---|---|
| Hebreeus | SHABBATH | Sabbat of Rusdag |
| Grieks | SABBATON | Sabbat |
| Latyn | SABBATUM | Sabbat |
| Duits | SAMSTAG | Sabbat |
| Pruisies | SABATICO | Sabbat |
| Frans | SAMEDI | Sabbatdag |
| Italiaans | SABBATO | Sabbat |
| Spaans | SABADO | Sabbat |
| Portugees | SABBADO | Sabbat |

| | | |
|---|---|---|
| Arabies | ASSABT | Die Sabbat |
| Persies | SHAMBIN | Sabbat |
| Armeens | SHAPAT | Sabbat |
| Turks | YOMESSABT | Dag van Sabbat |
| Abessyns | SANBAT | Sabbat |
| Russies | SUBBATA | Sabbat |
| Pools | SABOTA | Sabbat |
| Hindostanies | SHAMBA | Sabbat |
| Maleis | ARI-SBATU | Dag Sabbat |
| Afganies | SHAMBA | Sabbat |
| Engels | SABBATH | Sabbat |

**VRAAG 31:**

Gee aandag aan **Romeine 14:1-6**. In **verse 5-6** staan geskrywe: "*Die een ag die een dag bo die ander, die ander ag al die dae gelyk. Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees.*" As die apostel sekere gewoontes, byvoorbeeld eet- en rusdaggewoontes, as gewetensake beskrywe, doen dan soos hy sê en geniet jou rusdag of jou vleis; en moenie ander in dié verband oordeel nie. **(Romeine 14:1-12; 1 Korinthiërs 8:11-13)**. Waarom, sou u sê, het Paulus in hierdie perikoop (afgeronde gedeelte uit die Bybel) nie by almal wat *"alle dae gelyk ag"* aangedring dat hulle die sewende dag heilig ag en bo alle ander stel nie? Hier was tog sekerlik die gepaste plek om dit te doen? Maar nee, hy sê juis: jy is nie onder verpligting om die dag te eerbiedig nie.

**ANTWOORD: VRAAG 31:**

**Romeine 14:1:** *"En neem hom aan wat swak is in die geloof, nie om oor sy gevoelens te oordeel nie."*

Dis duidelik dat Paulus hier praat oor hulle wat nog **swak** is in die geloof, met ander woorde, jong Christene wat nog nie so sterk in hulle geloof staan nie soos sommige wat uit die Jodendom kom en nog wil vashou aan hulle feesdae wat deel was van die **seremoniële wette**.

Soos wat ons reeds volledig in vraag 1 en 2 en ander geantwoord het, was dit duidelik dat die verpligting rondom die hou van daardie jaarlike feesdae verval het by die kruis.

Dit was ook sekerlik nie vir die apostel Paulus nou weer nodig om 'n verskil te maak tussen die sewende dag **sabbat** en die ander dae van die jaar nie. Die **sabbatdag** was nooit in dispuut nie. Hoekom moes Paulus die gesprek onderbreek om oor die **sabbatdag** te praat wat nie ter sake was nie. Dit was nooit deel van die gesprek nie. Dis duidelik dat ons hulle wat nog swak in die geloof is nie moet veroordeel omdat hulle nog nie die verskille so duidelik kan sien nie - dit was Paulus se betoog.

**VRAAG 32:**

U organisasie lê baie klem op die onderhouding van die **wet**, en dan veral die **sabbatwet**. In teenstelling daarmee word in die Nuwe Testament 50 keer melding gemaak van die prediking van die evangelie, 17 keer van die prediking van die Woord, 23 keer van die prediking van Christus, en 8 keer van die prediking van die koninkryk. Maar die prediking van die **wet** of die **sabbat** word geensins genoem nie - nie deur Jesus of die apostels of enige evangelis van die vroeë kerk nie. Het u ŉ verklaring daarvoor? As die **sabbat** en die **wet** so belangrik is soos u beweer, verwag ŉ mens tog dat dit prominent gepropageer sal word?

**ANTWOORD: VRAAG 32:**

Hierdie vraag is eintlik ook reeds beantwoord **en** dis tog sekerlik nie waar dat Jesus of die apostels nooit oor die **wet** gepraat het nie, inteendeel, Jesus het juis verklaar dat die **wet** nooit **verby** sal gaan nie:

**Matthéüs 5:18:** *"Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die* ***wet*** *ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie."*

**Markus 2:28:** *"Daarom is die Seun van die mens Here ook van die* ***sabbat****."*

**VRAAG 34:**

Al die sondes waarvan in die **Tien Gebooie** sprake van is, word in die Nuwe Testament herhaal, maar geen melding word gemaak van Christene se plig om die **sabbat** te onderhou nie. Voorbeelde is naamlik: **Exodus 20:3** word herhaal in **Handelinge 14:15**; **Exodus 20:4-5** kom ook voor in **1 Johannes 5:21**; **Exodus 20:7** in **Jakobus 5:12**; **Exodus 20:8 (sabbat)** word nêrens in die Nuwe Testament gevind nie; **Exodus 20:12** kom voor in **Efésiërs 6:1-2**; **Exodus 20:13** in **Romeine 13:9**; **Exodus 20:14** in **Romeine 13:9** en **1 Korinthiërs 6:9-10**; **Exodus 20:15** in **Efésiërs 4:28**; **Exodus 20:16** in **Kolossense 3:9**; **Exodus 20:17** in **Efésiërs 5:3**.

As die ontheiliging van die **sabbat** dan so ŉ ernstige oortreding is soos u voorgee, waarom rig die Nuwe Testament **geen waarskuwing** daaromtrent nie? Waarom inderdaad word die vierde gebod nie herhaal in die Nuwe Testament nie, terwyl al die ander wel herhaal word? As u die term "**morele wet**" wil gebruik, is dit nie duidelik dat die nege ander **gebooie** wel moreel van aard is nie, maar die **sabbatgebod** siviel?

**ANTWOORD: VRAAG 34:**

In vraag 33 erken die vraesteller dat die **sabbat** 60 keer in die Nuwe Testament

gemeld word, en daardeur erken hy mos sélf dat die vierde gebod tog gemeld word.

Maar vermaan die Nuwe Testament ons ook nie om die ware en lewende God, die Skepper waarvan die **sabbatsgebod** spreek, te aanbid nie? **(Handelinge 14:14-15; Openbaring 14:7)**.

**Handelinge 14:14-15:** *"Maar toe die apostels, Bárnabas en Paulus, dit hoor, het hulle hul klere geskeur en onder die skare ingespring en geroep en gesê: Manne, waarom doen julle hierdie dinge? Ons is net sulke mense soos julle, en ons verkondig die evangelie dat julle jul van hierdie nietige dinge moet bekeer tot die lewende God wat die hemel en die aarde en die see en alles wat daarin is, gemaak het."*

**Openbaring 14:7:** *"En hy het met 'n groot stem gesê: Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het."*

Leer die Nuwe Testament nie, soos die **sabbatsgebod**, dat ons moet werk, anders kan ons nie eet nie? **(2 Thessalonicense 3:10-11)**. Het Jesus Sy volgelinge nie gebied om die **sabbat** nog te gedenk nie? **(Matthéüs 24:20)**.

**Matthéüs 24:20:** ***"En bid dat julle vlug nie in die winter of op die sabbat mag plaasvind nie."***

In die Siriese Nuwe Testament wat deur sekere gesaghebbendes as die oorpronklike Nuwe Testament beskou word lui **Hebreërs 4:9** soos volg:

***"Daarom is dit die plig van Gods volk om die sabbat te hou."***

Maar die vraesteller beskou die vierde gebod as die minste, as die geringste, nie eers noemenswaardig nie en hy probeer om ander op daardie dwaalspoor te lei.

Deur Gods genade wil ons ál **Gods gebooie**, insluitend die **sabbatgebod**, gehoorsaam en leer.

## VRAAG 35:

Begryp u die stelling in **Galásiërs 3:23-25** dat die **wet** *"ons tugmeester was na Christus toe,"* maar nou dat die geloof gekom het *"ons nie meer onder 'n tugmeester,"* en dus die **wet**, is nie? Waarom probeer u Christendom terugdwing na die **wet** wat geen mens regverdig kan maak nie? **(Galásiërs 3:10-11)**. Die Galasiërboek verkondig tog onomwonde dat ons losgekoop is van die **vloek** van die **wet**, vrygekoop is deur Christus, en dat ons alleen op Sy soenverdienste moet steun vir saligheid.

**<u>VRAAG 36</u>:**

Kyk asseblief na die logika van Paulus se argument: die **sabbat** is deel van die **wet**. Dit beteken die **sabbathouer** plaas homself onder die **wet**. **Nou:** almal wat uit die werke van die **wet** is, is onder die vloek. **(Galásiërs 3:10)**. As u geregverdig wil wees deur die **wet**, is u losgemaak van Christus. U het van die genade verval. **(Galásiërs 5:4)**. Waarom wil u uself in so ŉ posisie plaas?

**<u>ANTWOORD: 35 en 36</u>:**

In vraag 35 en 36 verwys die vraesteller na die brief aan **Galásiërs**.

Die Galásiërs was in die gebied waar die mense vir Paulus gevra het om op die volgende **sabbat** vir hulle te kom preek.

**Handelinge 13:42:** *"En toe die Jode uit die sinagoge gaan, het die heidene versoek dat daardie woorde op die volgende **sabbat** tot hulle gespreek sou word."*

**Handelinge 13:43:** "*En toe die sinagoge uit was, het baie van die Jode en die godsdienstige Jodegenote Paulus en Bárnabas gevolg. Dié het hulle toegespreek en hulle probeer beweeg om in die genade van God te bly."*

**Handelinge 13:44:** *"En op die volgende **sabbat** het byna die hele stad saamgekom om die woord van God te hoor."*

In daardie landsgebied was daar geen kwessie omtrent Gods **sabbat** of Gods **wet** nie. Na die vertrek van Paulus het valse leraars gekom en die besnydenis as noodsaaklik vir hulle saligheid voorgehou.

Hoe vreemd dat ons anonieme vraesteller dit nie raakgesien het nie!?

Maar hy gryp net na **Galásiërs 5:4** om Sewendedag Adventiste te waarsku dat hulle weens gehoorsaamheid aan God se **Tien Gebooie** dan van die genade sou verval het!!

Maar waarom lees hy nie ook **Galásiërs 5:2-3** by nie, waar die geskilpunt van die besnydenis so duidelik gemeld word?

**Galasiërs 5:2:** *"Kyk, ek, Paulus, sê vir julle dat as julle jul laat **besny**, Christus vir julle tot geen nut sal wees nie."*

**Galasiërs 5:3:** *"En ek betuig dit weer aan elke mens wat hom laat **besny**, dat hy onder verpligting is om die hele **wet** te onderhou."*

<u>Aangaande die besnydenis het die apostel Paulus geleer</u>:

**1 Korinthiërs 7:19:** *"Die besnydenis is niks en die onbesnedenheid is niks, maar die onderhouding van die **gebooie van God**."*

Nou dink die vraesteller in vraag 35 dat iemand vervloek is as hy God se **Tien Gebooie** gehoorsaam. Maar hoe kan dit wees as ons die volgende in **Openbaring 22:14-15** lees:

**Openbaring 22:14:** *"Salig is die wat* ***sy gebooie doen****, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad."*

**Openbaring 22:15:** *"Maar buite is die honde en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodedienaars en elkeen wat leuens liefhet en doen."*

Hoe kan die vraesteller voorgee dat iemand wat **Gods gebooie** gehoorsaam en die waarheid liefhet, vervloek is?

Die vraesteller haal **Galásiërs 3:10** gedeeltelik aan. As hy die hele vers sou lees, sou hy sien daar kom ʼn aanhaling voor, nié uit **Gods wet** nie, maar uit die **wet van Moses**, soos **Daniël 9:11** ook meld omtrent daardie vloek.

Die vervloekinge kom voor in **Deuteronómium 27** en **28** en het deel uitgemaak van die **seremoniële wette** onder die Ou Verbond.

God vervloek ons nêrens in die **sedewet** van **Tien Gebooie** nie!

## <u>VRAAG 37</u>:

**Romeine 7:4:** Leer dat die gelowige dood is ten opsigte van die **wet**. Waar laat u teorieë u: **dood of lewendig** ten opsigte van die **wet**? Waarom wil u lewend wees ten opsigte van die **wet**, as die Bybel u dood verklaar het vir die **wet**?

## <u>VRAAG 38</u>:

**2 Korinthiërs 3:7:** Beskrywe die **wet** as *"die bediening van die dood, met letters op klippe gegraveer."* **Vers 11** verklaar dat die **wet** moes vergaan. Waarom hou u so stewig vas aan ʼn *"bediening van die dood wat moes vergaan"?*

## <u>ANTWOORD: VRAAG 37 en 38</u>:

Hier gewaar mens weer twee growwe foute wat die vraesteller maak.

Hy meen dis die **wet** wat dood, óf weg óf afgeskaf is.

Tweedens vergeet hy dat as ʼn weduwee trou, is sy onder dieselfde **wet** verplig om getrou te bly aan haar nuwe man.

Die betoog van die apostel Paulus is nie dat die **wet** moet sterf of afgeskaf word nie, maar dat ons ou mens moet sterf **(Galásiërs 2:20)**, sodat ons kan loskom van die veroordeling van die **wet**. Ons word dan geregverdig:

- deur Gods <u>genade</u> **(Romeine 3:24)**, dit is die bron,
- deur Jesus se <u>bloed</u> **(Romeine 5:9)**, dit is die middel,

- deur die <u>geloof</u> **(Romeine 5:1)**, dit is die wyse van ontvangs,
- deur die <u>werke</u> **(Jakobus 2:17, 24; Efésiërs 2:10)**, dit is die bewys van nuwe lewe.

Daarom dat Paulus sê:

**Romeine 2:13:** *" … omdat nie die hoorders van die* ***wet*** *by God regverdig is nie, maar die daders van die* ***wet*** *geregverdig sal word."*

Net so vermaan Jakobus die wedergebore siel wat die regverdigmaking van Gods genade en Jesus bloed deur die geloof aangeneem het, as volg:

**Jakobus 1:22:** "*En word daders van die Woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie."*

**Jakobus 1:23:** *"Want as iemand 'n hoorder van die Woord is en nie 'n dader nie, dié is soos 'n man wat sy natuurlike gesig in 'n spieël sien; … ."*

**Jakobus 1:24:** " … *want hy sien homself en gaan weg en vergeet dadelik hoe hy gelyk het."*

**Jabobus 1:25:** *"Maar hy wat diep insien in die volmaakte* ***wet*** *van die vryheid en daarby bly, hy sal, omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n dader van die werk, gelukkig wees in wat hy doen."*

So ook getuig die apostel Johannes: (Lees **1 Johannes 2:3-7**):

**1 Johannes 2:3:** *"En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons Sy* ***gebooie*** *bewaar."*

**1 Johannes 2:4:** *"Hy wat sê: Ek ken Hom, en sy* ***gebooie*** *nie bewaar nie, is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie."*

**1 Johannes 2:5:** *"Maar elkeen wat sy Woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom is."*

**1 Johannes 2:6:** *"Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het."*

**1 Johannes 2:7:** *"Broeders, dit is geen nuwe* ***gebod*** *wat ek aan julle skryf nie, maar 'n ou* ***gebod*** *wat julle van die begin af gehad het. Die ou* ***gebod*** *is die Woord wat julle van die begin af gehoor het."*

**VRAAG 39:**

Het u al kennis geneem dat die **Tien Gebooie** soos volg begin: "*Toe het God al hierdie woorde gespreek en gesê: Ek is die Here jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis uitgelei het.*" Is u bereid om hierdie eerste deel eers te lees voordat u die **gebooie** aanhaal? Dit toon tog duidelik (kyk by vraag 40) dat die **sabbatooreenkoms** en die res van die **gebooie** aan die kinders van Israel gegee is.

**VRAAG 40:**

Die **Tien Gebooie** word in **Deuteronómium 5** herhaal. Hier, as deel van die **vierde gebod**, word gesê: *"En jy moet daaraan dink dat jy in Egipteland 'n slaaf was en die Here jou God jou daarvandaan uitgelei het … daarom het die Here jou God jou beveel om die **sabbatdag** te hou."* (Die hele saak het te make met die volk wat uit Egipteland gelei is. Die Bybel is tog duidelik: Omdat julle uit Egipteland gelei is, word julle beveel om die **sabbat** te hou. Taal kan tog nie eenvoudiger as dit wees nie. Waarom dan daarop aandring dat mense wat niks met hierdie verbond te make het nie, die dag moet onderhou?)

**VRAAG 41:**

Nou kan niemand op vraag 40 antwoord deur te sê die verbond het vóór **Exodus 20** al bestaan nie. **Deuteronómium 5:2-3** ontken dit ten sterkste! Die verbond is **nie** met die aartsvaders en hulle mense gesluit nie, maar met die Israel in die woestyn nadat hulle uit Egipte gelei is … omdat God hulle gehelp het. Daar is meer as een verbond in die Bybel, elk met sy bepaalde omstandighede en partye. Om dit uit konteks te haal en op almal toe te pas, is ongeoorloofde eksegese.

**ANTWOORD: VRAAG 39, 40 en 41:**

In hierdie vrae verwys die vraesteller na die **wet** soos wat dit in **Deuteronómium 5** gegee is.

Hy pas **Deuteronómium 5** min of meer soos volg toe:

Die Here het ons nie uit Egipteland gelei nie en daarom hoef ons nie meer God se **sabbat** te hou nie. Maar in **Deuteronómium 24:17-18** lees ons:

**Deuteronómium 24:17:** *"Jy mag die reg van vreemdeling en wees nie verdraai nie en die kleed van 'n weduwee nie as pand neem nie."*

**Deuteronómium 24:18:** *"Maar jy moet daaraan dink dat jy 'n slaaf was in Egipte en die HERE jou God jou daaruit verlos het; daarom beveel ek jou om hierdie saak te doen."*

Wil die vraesteller nou konstateer dat Christene *"die reg van vreemdeling en wees,"* maar kan verdraai omdat hulle nie deur God uit Egipte gelei is nie?

Ons lees ook in **Levítikus 19:35-37**:

**Levítikus 19:35:** *"Julle mag geen onreg doen in die gereg, in lengtemaat, gewig of inhoudsmaat nie."*

**Levítikus 19:36:** *"Julle moet 'n regte weegskaal hê, regte weegstene, 'n regte efa en 'n regte hin. Ek is die HERE julle God wat julle uit Egipteland uitgelei het."*

**Levítikus 19:37:** "*Daarom moet julle al my **insettinge** en al my **verordeninge** onderhou en dit doen. Ek is die HERE."*

Sal die vraesteller ook hier wil voorgee dat die Christen maar oneerlik in mate, en gewigte kan wees omdat hy nie uit Egipte gelei is nie?

Net so verkleinerend is ons vraesteller in vraag 39 waar hy na die aanhef van die **Tien Gebooie** verwys:

"*Toe het God al hierdie woorde gespreek en gesê: Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het."*

Sou die vraesteller nou werklik volgens sy argumente in die vraag glo dat al hierdie woorde wat hy aanhaal ook op die twee kliptafels gegraveer was?

Verder wil ons ons anonieme vraesteller vra: word die gelowige bekeerlinge uit die heidene wat God vrees en gehoorsaam dan nie op dieselfde wortel van Israel ingeënt nie? **(Romeine 11:17-26)**.

Al sou ons vandag onder die nuwe verbond val, dan moet ons op die Israel-olyfboom "ingeënt" wees, want drie keer betuig God dit in die Bybel dat met die nuwe verbond word juis daardie **sedewet** op ons hart en in ons verstand ingeskrywe. **(Sien Jeremia 31:31-34; Hebreërs 8: 8-13; Hebreërs 10:15-18)**.

<u>Wie is die "kinders van Israel" in die Nuwe Testament</u>?

**Galásiërs 6:16:** *"En mag daar vrede en barmhartigheid wees oor <u>almal</u> wat sal wandel volgens hierdie reël, en oor die Israel van God!"*

Let daarop dat die boek van Galasiërs nie net aan die Jode gerig is nie. Hier word "heidene" wat gelowiges geword het, die "Israel van God" genoem.

**Galásiërs 4:28:** *"Maar ons, broeders, is soos Isak, kinders van die belofte ... ."*

Die Galasiërs (nié Jode nie) word hier aangespreek as broers en as kinders van die belofte. Almal aanvaar dat dit 'n terme is vir die kinders van Israel want die belofte waarvan hier gepraat word is juis die belofte wat die begin van Israel afbaken. Die feit dat Isak hier genoem word identifiseer duidelik na watter belofte hier verwys word.

**Galásiërs 3:29:** *"En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename."*

Hierdie teks maak van u en van my kinders van Israel. En as ons dan kinders van Israel is dan is die **sabbat "vir ewig 'n teken"** tussen God en ons. Volgens hierdie teks is daar net een moontlikheid om nié "kinders van Israel" te wees nie en dit is om nié aan Christus te behoort nie.

**Galásiërs 3:7:** *"Julle verstaan dan dat die wat uit die geloof is, hulle is kinders van Abraham."*

Ons word deur geloof, deur te glo kinders van Abraham en daarom kinders van Israel.

**Kolossense 3:11-12:** *" ... waar daar nie Griek en Jood, besnedene en onbesnedene, barbaar, Scith, slaaf, vryman is nie, maar Christus is alles en in almal. Beklee julle dan, as uitverkorenes van God, heiliges en geliefdes, met innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid."*

**Galásiërs 3:26:** *"Want julle is almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus … ."*

**Galásiërs 3:27:** *" … want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus beklee."*

**Galásiërs 3:28: "***Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus."*

**Galásiërs 3:29:** *"<u>En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename</u>."*

Selfs in die Ou Testament word die vreemdelinge wat die **sabbat** saam met Israel hou op 'n pragtige wyse ingenooi. Luister na die Here se woorde deur Jesaja in **Jesaja 56**:

**Jesaja 56:2:** "*Welgeluksalig is die mens wat dit doen en die mensekind wat daaraan vashou; wat die **sabbat** hou, **sodat hy dit nie ontheilig nie**, en sy hand terughou, dat dit geen kwaad doen nie."*

**Jesaja 56:6:** *"En die uitlanders wat hulle by die HERE aangesluit het, om Hom te dien en om die Naam van die HERE lief te hê deur sy knegte te wees - elkeen wat die **sabbat** hou, sodat hy dit nie ontheilig nie, en hulle wat vashou aan my **verbond,"*** ***Jesaja 56:7:*** *"hulle sal Ek bring na my heilige berg, en Ek sal hulle vreugde laat smaak in my huis van gebed; hulle brandoffers en hulle slagoffers sal welgevallig wees op my altaar; want my huis sal 'n huis van gebed genoem word vir al die volke."*

ONS WIL DEUR GODS GENADE ONDER DAARDIE SALIGES WEES!!!

## VRAAG 42:

Dalk is **Romeine 10:4** die kragtigste teks teen u verpligte **sabbatonderhouding**: "Want Christus is die **einde van die wet** tot geregtigheid vir elkeen wat glo." In Hom is die **wet** vervul, verwesenlik. Hy het voldoen aan die **wet**, dit bevredig. Die **wet** was slegs 'n onderwyser wat oortreders geslaan het, deur straf hulle geleer het. Maar Jesus het die straf op Hom geneem **(Jesaja 53:5)**, sodat ons, deur in Hom te glo, van ons sondes gereinig word … sonder die werke van die **wet**. Om met die **wet** getroud te wees, beteken jou man het jou gestraf, veroordeel. 'n Huwelik met Jesus beteken teerheid, genade, hulp. Die wet van vryheid, van heiligheid is nou op ons hartstafels gegraveer. Ons is nie meer onder die juk van diensbaarheid nie. Wil u nie liewer met Hom in 'n intieme verhouding staan nie?

## ANTWOORD: VRAAG 42:

Die persoon wat Christus aanvaar, het nie nodig om te strewe na redding of regverdigmaking deur die hou van die **wet** nie. Met sy aanvaarding van Christus word die Verlosser se geregtigheid aan die sondaar toebedeel.

**Romeine 3:21:** *"Maar nou is die geregtigheid van God geopenbaar sonder die **wet,** terwyl die **wet** en die profete daarvan getuig, … ."*

**Romeine 3:22:** *" … die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo, want daar is geen onderskeid nie; … ."*

Omdat die geregtigheid van God ontvang kan word buite die **wet**, daarom kan Paulus verklaar:

**Romeine 10:4:** *"Want Christus is die einde van die **wet** tot geregtigheid vir elkeen wat glo."*

Vir elkeen wat in Hom glo, bring Christus 'n absolute einde aan die **wet** om enige verlossing te kan bewerkstellig.

Deur die krag van God se genade is ons nie meer onder die veroordeling van die **wet** nie, maar word ons Sy kinders, opgelig tot op die plek waar ons uit dankbaarheid vir ons verlossing ten volle gehoorsaam wil lewe volgens **Sy wet**, naamlik die **Tien Gebooie** wat dan ook die **4de gebod** van die **sabbat** insluit.

**<u>SLOTGEDAGTE</u>:**

Die anonieme vraesteller sluit sy eerste vraag af met die woorde:

*"Kan u asseblief een enkele teks in die Ou of Nuwe Testament gee wat hierdie verskil tussen die **twee wette** aandui? **(Hoofstuk en teksvers asseblief.)**"*

Nou mag ek seker ten slotte dieselfde vraag vir hom vra:

Kan u my asseblief 'n verwysing in die **<u>Ou of Nuwe Testament</u>** gee wat aandui dat **<u>Sondag</u>** die dag van aanbidding moet wees óf dat Sondag die dag is wat die Here geseën en geheilig het óf dat Sondag die **Sabbat** van die vierde gebod in die **Tien Gebooie** vervang het? **(Hoofstuk en teksvers asseblief.)**

Mag die Here ons die genade skenk om die waarheid te ontdek terwyl ons vra:

***"Wat sê die Bybel en net die Bybel?"*** In plaas van om met strikvrae die Woord te betwyfel en **probeer om die heilige wet** van God nietig te verklaar.

*"Aan Hom nou wat magtig is om julle vir struikeling te bewaar en julle **sonder gebrek** voor sy heerlikheid te stel met **gejuig**, aan die alleenwyse God, ons Verlosser, kom toe heerlikheid en majesteit, krag en mag, nou en tot in alle ewigheid! Amen."*
**Judas 1:24-25.**

*Ernie Rex*
20 Julie 2020